

Die Nuwe Verbond geskryfte, Mashiag en Yeshua.

Die doel van hierdie dokument is om die verhouding tussen Ou en Nuwe Verbond te bepaal; Wie die Mashiag¹ is wat geprofeteer is en dat dit Yeshua is en alleenlik Hy kan wees.

Dit is belangrik om te begin deur te sê dat geen hoeveelheid bewyse oortuigend gaan wees vir die persoon wat reeds besluit het dat Yeshua nie die Mashiag is nie. Vir die persoon wat ernstig is in sy soeke na waarheid, spreek die bewyse self.

Hierdie dokument sal dan aandag gee aan die volgende vraagstukke:

1. Die geldigheid van die Verbond en ‘n nuwe Verbond.
2. Die geldigheid van die Nuwe Verbond Geskryfte.
3. Die idee van ‘n Mashiag en ‘n menslike bloed offer.
4. Is Yeshua die Mashiag of is Hy nie?

I. INLEIDING

Eerstens het ons nodig om ‘n feit te bepaal wat ons uitkyk en verstaan van die vraagstukke, onder bespreking, moet en sal verander.

Meeste van die mense wat hierdie sal lees, is mense wat vanuit die Kerk-sisteme kom en na waarheid soek. Dit is wonderlik indien ons nie ‘n vooropgestelde idee het van wat die waarheid is nie. In hulle soeke gaan baie mense van ‘n Teologiese waarheid na ‘n Joodse waarheid; ‘n Griekse denkwysie na ‘n Semitiese denkwysie. Moeg van die leuens van die Kerk, is mense gewillig om te glo in enige iets wat ander vir hulle bring solank dit anders klink as dit waarin geglo is. Waarheid is nie alleen in die andersheid nie; die andersheid is net ‘n beginpunt, nie die Pad nie. Die volledige en onveranderde waarheid word in hele en volledige Woord van God alleen gevind, en slegs daar. Hierdie waarheid is nie net vir een nasie alleenlik nie, maar vir alle geskepte mense – vir die mensdom. Dit is ‘n onveranderlike feit dwarsdeur die Skrif.

Om te dink dat die Woorde en Verbonde van God slegs vir een nasie alleen is, is ‘n self gesentreerde wanopvatting en ignoreer die duisende jare van Geskiedenis wat die Skepper-God met Sy skepping gehad het, veral met die mensdom. Om die Skrif te lees op enige ander manier as met die agtergrond en doel wat God vir alle mense ingedagte gehad het, sal altyd lei tot wanopvattinge en verdraaiings van die woorde om in “my prentjie” in te pas. Die Verbond van God met alle mense het voor die Verbond met Avraham en sy nageslag gekom en is die rede vir die Verbond met Avraham en sy nageslag.

Die vergeet hiervan is die rede vir die self gesentreerde en nie God-gesentreerde vertroue in die Verbond soos ons in baie Joods-Christen gelowe vandag sien.

Ek beskou hierdie wanopvatting as die werklike rede agter die redes wat mense gee hoekom die Joodse nasie van vandag nie in Yeshua as die Mashiag glo nie.

“Die Tanakh is geskryf vir en deur die Jode, die Nuwe Verbond boeke is nie en daarom is hierdie boeke verkeerd.” – Dit is die werklike opvatting en probleem wat ons moet aanpak. Dit is ‘n selfsugtige konsep, want dit gaan van die veronderstelling uit dat die Jode die enigstes is wat gekwalifiseer is om God se Woord te hoor. Die rede wat hulle gee, dat die Nuwe Verbond boeke die Tanakh teëspreek, is net eenvoudig nie waar nie. Hierdie argument lei tot baie verskillende vrae en die bevraagtekening van basiese konsepte soos die offers, die leringe van die Kerk en verdraaiings oor Yeshua en Sy leringe om dit te staaf.

¹ Ek gebruik hierdie vorm van die woord wat normaalweg geskryf word as (Messias, Christus, ens), want dit is nader aan die betekenis, spelling en uitspraak van die oorspronklike woord. Hierdie oorspronklike is nie uitsluitlik gebruik vir die Verlosser wat sou kom nie en is dus los van die konnotasie geassosieer met die meer populêre woorde vir ‘n “gesalfde een.”

Yeshua het die leringe van God se Skrif van die tyd, die Tanakh, geleer en gehou. Sha'ul (Paulus) haal die leringe en woorde van die Tanakh aan. Op die plekke waar dit lyk of daar verskille is, is dit die Nuwe Verbond se praktiese toepassing van die Ou Verbond se opdragte sonder die Tempel en na die Tempel. Dit is 'n praktiese Bybelse lewenswyse wat ek onderskryf en so ook duisende ander wat God se Woord gehoorsaam en vertrou.

NEE – Ek is op geen wyse anti-Semities – anti-Joods of teen Yisra'el, as 'n volk of Israel as nasie nie.

Ek poog net om die hele Woord van God in perspektief te bring met Sy plan vir alle mense.

Laat ons by die begin begin en kyk wat God vir alle mense ingedagte gehad:

Die Een en Enigste God het alle dinge in die hemel en op aarde geskep vir Sy doel, vreugde, plesier en wil en nie ter wille van die mense nie.

God het die mense geskep om soos Hy te lyk, soos ons in **Genesis 1:26,27** sien. Dit is hierin wat God plesier vind – om te sien dat mense in Sy Karakter met die outoriteit aan hulle gegee, wandel.

Mat 9:8 Toe die skare dit sien, was hulle bang en het eer, lof en aanbidding aan God gebring wat so 'n outoriteit aan die mens gegee het.

Die mens, gevang in die verdraaide waarheid oor wat God beveel het, het hierdie outoriteit aan die teëstander gegee en daardeur die enigste verbod wat God op iets geplaas het, verbreek en so die belofte van dood as straf vir die breek van die wet van God, geaktiveer en ook die verhouding tussen God en Sy skepping vernietig.

Dadelik het God ook voorsiening gemaak vir die herstel van die verhouding en die progressiewe voorbereiding van mense om die herstel te aanvaar en te ontvang. Dit het gekom in die vorm van die toetsing van hulle vertrou om hulle te bemagtig om terug te keer na die verhouding toe. Eerstens het God die Belofte in **Genesis 3:15** van 'n Saad wat die slang sal vergruis, gegee. Na dit is daar, vir die mense om te verstaan, verskeie kleiner besonderhede en aanduidings oor die Verlosser wat sou kom, verspreid dwarsdeur Geskiedenis. Sommige, soos Noag, Mosheh, Avraham, Dawid en vele ander het verstaan, **vertrou** en geleef in en volgens God se standarde en het ook gesien en vertrou in die verlossing wat sou kom. Een ding wat in die Nuwe Verbond Geskifte gebeur wat hierdie aaneenlopende openbaring van die Mashiag demonstreer, is die onvermoë van die studente-volgelingen om die boodskap te verstaan, net soos baie mense in die Tanakh nie God se boodskap van verlossing wat sou kom, begryp het nie – tot dit klaar gebeur het.

Yog 16:12 Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle kan dit nie nou ontvang nie, **:13** maar wanneer Hy, die Gees van die Waarheid, gekom het, sal Hy julle in die hele waarheid lei, want Hy sal nie uit Homself praat nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy sê en die toekoms aan julle openbaar.

Hoe weet ons dat die profetiese versie in die Tanakh oor die Mashiag verwys na die toekomstige Mashiag en nie net na Koning Dawid of iemand anders in die Joodse Geskiedenis wat hulle fisies kom 'verlos' het nie?

Baie van die Mashiag-verwante profesieë was dubbel verwysings wat Histories-verwante toepassings gebruik het om ook na die toekomstige Mashiag te wys. 'n Vers mag teen sigwaarde 'n direkte verwysing wees na Mosheh, koning Dawid of die Joodse volk, maar dit was ook aan die Jode van ouds bekend as 'n verwysing na die Mashiag. Die vroeë Kerkvaders verduidelik, in hulle geskifte, ook hierdie dualisme van die Geskiedenis as profeties. Alhoewel daar kritici is wat beweer dat baie gedeeltes eers as profesieë beskou is na die gebeurtenis, is dit bewys as vals wanneer ons die Joodse geskifte van ouds bestudeer. Die Talmud noem spesifieke Skrifgedeeltes as Mashiag-verwante profesieë, verse geskryf voor die gebeurtenis plaas

gevind het en die Mashiag gekom het. Die Evangelie van Mattityahu (Mattheus) haal dikwels die Tanakh profesieë aan alvorens daar geskryf word oor die vervulling in die Nuwe Verbond. Geskrifte. Vroeë apologete het ook verse genoem wat bekend was dat dit beskou word as Mashiag-verwante profesie. Daar is vele meer sulke gevalle waar geleerdes, teoloë en gemeenskapsleiers bevestig dat profesieë wat vandag bekend is as Mashiag-verwant reeds in dieselfde lig beskou is in die antieke tye. Vanuit ons moderne beskouing lyk die parallelle dalk vergesog, maar ten tye was hulle baie bekend.

“Na die gebeurtenis” is ‘n argument wat deur Judaïsme gebruik word teen baie van hierdie profesieë. Tog het selfs die volgelinge van Yeshua, in die tyd van Yeshua, nie verstaan wat Hy sê toe Hy dit gesê het nie; eers nadat alles wat Hy gesê het gaan gebeur, gebeur het en nadat hulle die openbaring daarvan deur die Gees ontvang het, het hulle begin besef en verstaan. Net so is al die profesieë oor die Mashiag nou vir ons maklik om raak te sien, **“na die gebeurtenis”**, nadat dit gebeur het. Regdeur die Skrif kon die profesieë raakgesien word deur hulle wat hulle oë gerig gehou het op “die dinge daarbo”, op God en Sy Plan.

Luk 24:25-27

:25 Toe sê Yeshua vir hulle: “O, onverstandiges, met verstand, wil en emosie wat stadig is om alles wat die profete gesê het te vertrou!

:26 Moes Die Gesalfde Een nie hierdie dinge deurgaen en in Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid ingaan nie?”

:27 Hy het begin om vanaf Mosheh en al die profete vir hulle uit al die Skrifte, die dinge wat op Hom betrekking het, deeglik te verduidelik

Alhoewel God se wette en standarde op die harte van die mens geskryf is, soos gesien kan word met Kayin – wetend wat die korrekte standarde vir die offer is en Noag – wetend watter diere is rein en onrein, het God, in Sy onverdiende guns, die volgende stap om die verhouding te herstel, geneem en het Hy ‘n man gekies (Avram), wat, Hy geweet het, Hom sal vertrou, om ‘n volk deur hom te vestig vir Sy doel. Hierdie doel was om die hele mensdom tot Hom in ‘n verhouding te herstel. Hy vestig dit deur ‘n verbond met Avraham te sluit na Hy sy naam verander het. God kon dit ‘n eenkantige belofte gemaak het, maar besluit om dit ‘n tweekantige verbond te maak. God kon sê: “ Ek sal jou God wees en jou beskerm en vir jou voorsien, moenie bekommerd wees nie, dit maak nie saak wat jy doen nie, Ek sal jou versorg” en in die besluit sou Hy geforseerd vir Homself “‘n volk” gemaak het. Ons weet dat dit nie God se Karakter is nie en daarom het Hy dit nie gedoen nie. Dit is ook nie hoe ‘n verbond werk nie. Indien Hy dit wou doen, het Hy slegs ‘n belofte gemaak en nie ‘n verbond gesluit nie. ‘n Verbond het twee partye, elk met verantwoordelikhede om die doel te bereik

Die mense moes kies om die verhouding met God te wil herstel, maar omdat hulle nie geweet het hoe nie het God ‘n nasie geskep met die taak om die mense van alle nasies (die mensdom) te wys hoe om te leef en die enigste ware God te aanbid. Dit is die rede vir die verbond met Avraham. Elke een moet steeds ‘n keuse maak om tot God herstel te word. Die Verbond:

Ek sal vir jou God wees = Ek sal jou beskerm, jou leer en versorg.

Jy moet vir My ‘n volk wees = Luister na en gehoorsaam wees aan My lering, vertrou in My, afhanklik wees van My/ staat maak op My.

Y’ho 23:14-16

:14 Nou, let op, ek gaan vandag die pad van die hele aarde en julle weet met julle hele verstand, wil en emosie en met jul hele gees **dat nie een woord van al die goeie woorde wat יהוה, julle God, aangaande julle gepraat het, onvervuld gebly het nie**; alles is vir julle vervul, nie een woord daarvan het onvervuld gebly nie.

:15 Dit sal gebeur dat **net soos al die goeie woorde oor julle gekom het wat יהוה, julle God, oor julle gepraat het, so sal יהוה oor julle al die dreigemente laat kom totdat Hy julle vernietig** het uit hierdie goeie land wat יהוה, julle God, aan julle gegee het,

:16 as julle die verbond van יהיה, julle God, wat Hy julle beveel het, oortree en ander gode gaan dien en julle voor hulle neerbuig, dan sal die woede van יהיה teen julle opvlam en julle sal gou omkom in die goeie land wat Hy aan julle gegee het.”

Indien hierdie voorwaardes gehou word, sal hierdie verbond waar wees vir ewig, maar, soos enige verbond, indien jy die verbond breek, is die verbond geskrap en God sal iemand anders kies om Sy begeerte om die verhouding met alle volke te herstel, te voltooi. God sal hierdie doel vervul deur die nageslag van Avraham totdat die tyd reg is vir die belofte van **Gen 3:15 (die Saad, wat ook ‘n afstammeling van Avraham is)** en die herstel van die aarde as ‘n Koninkryk van God.

Dit is die rede hoekom Yeshua verklaar het dat Hy slegs vir Yisra’el gekom het. Dit was om hulle te herstel tot die voorbeeld, die doel van hulle bestaan in die eerste plek; daarom het Hy die Voorbeeld gestel vir hulle om te volg. **Maar hulle het Hom verwerp** en hulle volledige doel kon nie bereik word nie. Hy kies dus ‘n volk wat nie ‘n nasie is nie om die taak te voltooi, hulle “van ander nasies

Yes 65:1

“Ek het Myself laat soek deur hulle wat nie na My gevra het nie; Ek het My laat vind deur die wat My nie gesoek het nie; aan ‘n nasie wat nog nooit My Naam uitgeroep het nie, het Ek gesê: ‘Hier is Ek, hier is Ek!’

Hulle van al die nasies, wat Sy volk word deur gehoorsaamheid en vertroue, sal daarom weer die standaard en voorbeeld wees, eerste vir Yisra’el, want God breek nie Sy beloftes en keuses, soos die mens doen, nie en dan ook tot al die nasies, soos wat Sy plan van die begin af was.

Gen 12:3

en Ek sal diegene seën wat jou seën en hom vervloek wat jou vervloek en **in jou sal al die families van die aarde geseën word.”**

Yeshua sal nie terugkom alvorens God se gekose volk, as voorbeeld van die herstel, Hom aanvaar as Mashiag nie. Hy het gekom om God se Nuwe Verbond te kom wys en voor te stel; nadat hulle die vorige een verbreek het. Hy bied hulle ‘n nuwe Verbond aan, maar hulle probeer aan die Ou Verbond, wat deur hulle vernietig is vasklou. Hierdie ou verbond kan daarom nie meer bestaan of geldig wees nie. God het Sy deel gehou en bied nou weer dieselfde bepalings aan deur ‘n nuwe Verbond en sonder die aanvaarding van hierdie nuwe Verbond het jy nie ‘n verbond met God nie en kan ook nie jou verhouding met Hom herstel nie. Dit is hoekom Yeshua die enigste weg is waardeur ons na die Vader toe kan kom na ‘n verhouding met Hom. **Yog 14:6**

Hierdie is ‘n pakket. Om deel te hê aan die Koninkryk van God is die volledige daarvan nodig:

- i. Aanvaar die bepalings van die Verbond wat God met Sy volk vanaf die skepping het en wat weer gegee is toe die eerste gebreek is. Sonder hierdie het jy nie ‘n verbond nie.
- ii. Leef volgens God se onveranderde wette en standaarde.
- iii. Aanvaar Sy Mashiag as deel van Sy verlossingsplan vir die mensdom.

Gebaseer op hierdie verstaan van die verbond gaan ons nou na die Verbond en die verskeie kwessies wat die Mashiag omring en of Yeshua as Mashiag inpas al dan nie, kyk. Deurgaans sal Bewyse en Skrifte gegee word as deel van die bespreking. Ons gaan na soveel as moontlik kwessies kyk, alhoewel nie in ‘n volgorde nie, maar soos hulle van toepassing is. Deurdat bewys moet word dat die Mashiag ‘n offer is en dat die offer Yeshua is, sal die vraag oor die geldigheid van die Nuwe Verbond boeke outomaties verander en sal dit ook lei tot ‘n korrekte verstaan van die Verbond. Hierdie sal, as gevolg van die belangrikheid van die onderwerp, in soveel detail en so breedvoerig as moontlik hanteer word.

II. DIE VERBOND

Die Verbond is, soos ons in die vorige hoofstuk vasgestel het, die hoeksteen van God se werk met die mensdom. As sulks is dit dus belangrik dat ons hier begin en hierdie verbond verstaan alvorens ons aan beweeg na die bespreking oor die Mashiag.

A. GOD SE VERBOND MET DIE MENSDOM

Laat ons kortliks kyk na God se plan en verbond met die mens:

- Die enigste God, יהוה, het alle dinge in die hemel en op aarde geskape vir Sy doel, vreugde, plesier en wil en nie ter wille van die mens nie. Dit is waar Sy verhouding, Sy verbond met die mens begin.
- As deel van Sy plan het God die mense gemaak om soos Hy te lyk- **Gen 1:26,27**
- Dit is in dit wat God plesier vind – om die mense te sien loop in Sy Karakter met die outoriteit aan hulle gegee:
- God het hulle outoriteit gegee om te heers – om koning oor die aarde te wees. - **Gen 1:26, 28**
- God het die mense geseën en beveel om te vermenigvuldig en die aarde te vul. - **Gen 1:28**
- God het voedsel voorsien - **Gen 1:30**
- God het Sy Gees in die mense ingeblaas, en so Sy Karakter en wil in hulle geplaas. - **Gen 2:7**
- God het die mense beveel om die land te beskerm en te bewerk. - **Gen 2:15**
- God het as toets vir menslike gehoorsaamheid, ‘n verbod gegee - **Gen 2:17**
- God wil ‘n verhoudings verbond met mense hê, een van Lewe – om God se Karakter te leer en nie ongehoorsaam te wees nie.
- Mense het hierdie outoriteit weggegee deur ‘n ander te gehoorsaam en het wegbeweeg van God se plan en standaard. Dit het gelei tot verlies van:
- Die oopheid en verhouding wat hulle met God gehad het. - **Gen 3:7,8**
- Lewe, wat beteken dat hulle nie vir ewig in God se Teenwoordigheid sal leef nie. - **Gen 2:17**
- God het Sy plan om met die mense te herenig ingestel - **Gen 3:15:**
- ‘n Man wat weer aan die standaard sal voldoen en die Hek sal wees vir elkeen om weer in te gaan in ‘n verhouding met hulle Skepper. – **Yog 10:7**
- Mense het net aangehou wegbeweeg van God se doel af en het God se standaard, wat op hulle harte geskryf was, geïgnoreer totdat hulle boos geraak het in hulle hele wese. - **Gen 6:5**
- God het een man gevind wat regverdig was en het hom gekies om Sy plan verder uit te voer. - **Gen 6:9**
- God het toe die res van die mensdom vernietig alhoewel Hy met hulle ‘n verbond gehad het en lewe aan hulle belowe het. - **Gen 6:17**
- Hy het dit gedoen omdat hulle nie die doel van hulle skepping nagekom het nie en die verbond gebreek het. - **Gen 6:11, 12**
- God het belowe dat Hy Sy verbond met Noag sal vestig - **Gen 6:18; 9:9**
- Noag was gehoorsaam aan alles wat God beveel het. - **Gen 7:5**
- Noag het rein diere aan God geoffer wat bewys dat die wette en standaard steeds in hom was. - **Gen 8:20**
- God vestig seisoene op die aarde en verander die vernietigende reën in ‘n voedende seëning. - **Gen 8:22**
- God het weer die mense geseën en weer beveel dat hulle moet vermeerder en die aarde vul. - **Gen 9:1, 7**
- God het weer mense aangestel om te heers, maar die keer deur vrees en oor ‘n wêreld wat gebreek en vol dood is. - **Gen 9:2**
- God het hulle die toestemming gegee om diere te eet, maar met standaard - **Gen 9:3**
- God het bygevoeg dat Hy nooit weer die mensdom deur water sal vernietig nie en het die reënboog as teken van die verbond gegee. - **Gen 9:11,13**

- Soos wat die mense vermeerder het, het hulle weer teen die planne van God gedraai. - **Gen 11:4**
- God het nooit Sy belofte van ‘n Tussenganger en Verlosser vergeet nie en het die voorbereiding vir Sy koms gedoen.
- Weer het Hy een man gekies om Sy plan te vervul, maar die keer sal vanuit die man ‘n nasie gevorm word deur wie God die plan kan vervul, die selfde plan wat van die begin af was, om **die mensdom terug te laat draai na hulle Skepper toe:**
 - God het Avram geseën en belowe om hom ‘n groot nasie te maak. - **Gen 12:2**
 - **Sy taak was om ‘n seëning te wees vir die mensdom, God se oorspronklike plan.** - **Gen 12:2, 3**
 - God het hom beskerming belowe. - **Gen 12:3, Gen 15:1**
 - Avram het ‘n altaar gebou en tot God geoffer om sy toewyding aan hierdie God en die verbond wat met hom gemaak is, te wys. - **Gen 12:7, 8**
 - God het aan hom ‘n spesifieke gebied belowe - **Gen 13:15**
 - God het aan Avram ‘n groot nageslag belowe - **Gen 13:16**
 - God het Sy ideale priesterdom deur Malki-Tzedek gewys - **Gen 14:18**
 - God openbaar Homself as Beskerming en Voorsiening - **Gen 15:1**
 - God het Avram regverdig verklaar as gevolg van sy blindelinge vertrouwe in Hom.- **Gen 15:6**
 - God het ‘n verbond met Avram gesluit oor die land wat Hy hom belowe het. - **Gen 15:18**
 - **God het voorwaardes gegee vir Sy verbond met Avram, “leef goed in My Teenwoordigheid en wees sonder vlek”** - **Gen 17:1**
 - God sal sy nageslag vermeerder en sy naam daarvolgens verander. - **Gen 17:1, 5**
 - Weer het God dit bevestig deur Avraham die “Vader van baie nasies” te noem, met ‘n geestelike betekenis dat deur sy vertrouwe hy die vader van die vertrouwe van alle gelowiges sal wees, **God se ware nasie.** - **Gen 17:4**
 - God belowe om vir ewig vir Avraham ‘n God te wees. - **Gen 17:7**
 - God het die besnydenis as die teken van Sy verbond met Avraham gegee – die afspraak met die nasie - **Gen 17:11**
 - God het belowe dat konings vanuit sy seun sal voortkom. - **Gen 17:16**
 - God het die vertrouwe van Avraham getoets. - **Gen 22:1, 2**
- Om die mensdom voor te berei vir die Mashiag, het God vir hulle aanduidings (profesieë) gegee: **Amos 3:7:**
 - Van wanneer die perfekte tyd sal wees wanneer hulle gereed sal wees. - **Dan 9; Gen 49:10**
 - Van wat die Karakter van die Een wat sal kom as die Gesalfde Een (Mashiag) om die Koninkryk as Koning terug te neem, sal wees.
- God se voorwaardes het dieselfde gebly. - **Eks 19:5**
- Die mensdom het weer boos geraak in hulle hele wese en het God se standarde en instruksies vergeet. God het toe ‘n man gekies om dit neer te skryf sodat niemand ‘n verskoning het nie. - **Deut 31:24-26**
- **Die wet, standarde en instruksies is aan die mensdom gegee, maar aangesien hulle hulle eie aanbidding tot vreemde gode gemaak het, het Hy die taak aan Yisra’el gegee om ‘n voorbeeld te wees hoe om die enigste God te aanbid en voor te berei vir die Koninkryk wat kom.** - **Deut 28:1**
- Hulle het hierdie nie gehoorsaam nie en toe die Mashiag gekom het, was hulle nie voorbereid of gewillig om te volg nie. Dit het beteken dat Hy nie Sy Koninkryk met gehoorsame kinders van God deur Yisra’el in daardie tyd kon vestig nie.
- Yeshua het Sy taak om die prys vir hulle sondes te betaal voltooi en die straf van die sonde weggeneem vir enige iemand wat dit wil aanvaar. Hierdie was die eerste deel van Sy missie. - **1 Kefa 1:3,4; Yog 3:3; 1 Kefa 1:23**

- Hy het toe 'n nuwe verbond aan enige iemand **wat aan die voorwaardes sal voldoen** gegee om Sy nuwe volk vanuit al die nasies te wees om die oorspronklike plan te voltooi. - **Jer 31:31-33**
- Hy het die oorspronklike priesterdom in plek van die Levitiese een, wat veronderstel was om die voorbeeld te wees, herstel - **1 Kefa 2:5,9**
- Hy het die wet in die wese van die mens herstel deur die koms van Sy Gees. - **Jer 31:33**
- Hy het al Sy beloftes bevestig met hulle wat die voorwaardes aanvaar. - **Mat 5:19; 21:43**
- Hy het begin om Sy Koninkryk en die reëls daarbinne te herstel vir hulle wat hulleself afgesonder hou. - **Heb 10:12, 13**
- Hy sal hierdie herstel van die Koninkryk voltooi wanneer die taak van voorbereiding op aarde voltooi is. - **Luk 8:1**

Dan sal die Koninkryk herstel wees met Yeshua, die Koning soos Adam moes gewees het. - **1 Kor 15:45**

Dit is God se verbond met die ganse mensdom en hoe die Oue vloei in die Nuwe in om 'n beter, sterker onbreekbare verbond te skep.

B. DIE AVRAHAM VERBOND VERGELYK MET DIE NUWE VERBOND

Na alles wat ons reeds bespreek het in verband met die verbond, moet ons nou kyk na die verskille tussen die verbond gebreek deur Yisra'el en Y'hudah (ons noem dit die Ou Verbond) en die Nuwe Verbond wat in werking getree het deur die bemiddeling van Yeshua.

Lees asseblief elke sin versigtig sonder om tot gevolgtrekkings, vooropgestelde idees of aannames te kom alvorens die hele bespreking nie voltooid is nie.

Wat ons hierbo gewys het, is dat **God se verbond deur al die eeue ter wille van die mensdom was**. Dit is ook die rede waarom mense die Nuwe Verbond verwerp aangesien dit alle nasies insluit in God se verbond. Die selfgesentreerdheid en arrogansie van mense lei af dat God se verbond sleg tot die voordeel van 'n verkose paar is.

Mosheh was 'n skadubeeld van Yeshua en is aangestel om die verbondsvolk van Vader-יהוה te lei en leer hulle om die standarde en instruksies te hou en te gehoorsaam. Hierdie standarde was die fondasies en was bedoel om die volk te lei na die gesindhede en karakter wat God van hulle wou hê. Hulle het hierdie egter nie verstaan nie en moes wag totdat Yeshua gekom het om as Koning en leier oor hulle aangestel te word en Sy standarde en instruksies hul volle betekenis te gee.

Die skrywer van Hebreërs noem dit יהוה se huishouding.

Heb 3:1

:1 My afgesonderde broers, wat deel in die hemelse roeping, dink daarom versigtig aan Yeshua, Die Gesalfde Een, wat ons openlik erken as God se Afgevaardigde en nie-Levitiese Hoofpriester.

:2 Hy is vertrouenswaardig teenoor God wat Hom aangestel het, net soos Mosheh **in God se hele huishouding** getrou was,

:3 want hierdie Een se lof en eer is baie meer as die van Mosheh, soveel as wat hy wat die huis gebou het, baie meer eer het as die huis,

:4 want elke huis word deur iemand gebou, maar Hy wat voortdurend alles bou, is God.

:5 Mosheh was as 'n dienskneg toevertrou met die hele huis, tot getuienis van wat nog deur Hom gesê sou word,

:6 maar Die Gesalfde Een as Seun oor Sy huis. Ons is Sy huis as ons met vrymoedigheid en trots Sy goeie boodskap tot die einde toe vashou.

Yeshua is vir ewig nou die aangestelde Koning oor die verbondsvolk van יהוה. Hy is die Heerser wat op die troon van Dawid sal sit, soos belowe. Elkeen wat Yeshua as die gekruisigde Sondoffer aanvaar en vertrou in Sy opstanding tot vergifnis, versoening en vryspraak, is deel van die verbondsvolk van יהוה.

Dit is die ware Yisra'el! Hy wat die ou mens en gode afgesterf het, omgedraai het (tot bekering gekom het) en daarna deur die Gees weer gebore is as 'n nuwe mens (wedergeboorte). Hierdie persoon volg 'n voetspoor lewensstyl, in die navolging van Yeshua, volgens Vader se standaarde. Hulle is uit God gebore en dus kind van God. Daar is geen ander manier om kind van God; dus verbondskind(volk), te word nie. Dit geld vir Jood en nie-Jood, vir besnedene en onbesnedene, vir man, vrou en kind, godsdienstige en ongelowige, vir jou en my.

Mense argumenteer dadelik dat **God se verbond met Avraham ewig is**. Ja dit is korrek, maar ons moet reg kyk daarna en dit verstaan. Die tabel hieronder sal help hiermee:

Vader se deel van die verbond	God wees: liefde, beskerming, stel van standaarde en gee van instruksies.
Die mens se deel van die verbond	volk wees: liefde deur gehoorsaamheid aan standaarde en instruksies

Dit is reg deur die Skrif die samestelling van die verbond. MAAR....

Die volk het die kontrak gebreek deur ongehoorsaamheid en die dien van ander gode.

Yir 31:32b "My verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ek Meester oor hulle was," verklaar יהוה."

Yeg 16:59b "jy wat die eed geminag het deur die verbond te verbreek."

Yir 18:13-15 יהוה sê daarom: 'Vra nou onder die volke, wie het ooit so iets gehoor? Die maagd van Yisra'el het 'n mees afskuwelike ding gedoen.

:14 Verdwyn die groen gras van die berg af of verlaat die sneeu L'vanon? Hou die koue water wat uitborrel en afstroom, op met vloei?

:15 Tog het **My volk** My vergeet, hulle brand wierook vir die waardelose gode en hulle het gestruikel in hulle lewenswyses, afgedwaal van die antieke lewenswyses, om te loop op paaie waarop nie geloop is nie,

Mik 3:8 Aan die ander kant is ek vol krag, met die Gees van יהוה en met regverdige oordeel en dapperheid, om aan Ya'akov sy rebelse daad bekend te maak en aan Yisra'el sy sonde.

Nou het die prentjie verander:

Vader se deel van die verbond	God wees: liefde, beskerming, stel van standaarde en gee van instruksies.
Die mens se deel van die verbond	Dit het verval. Dis ongeldig deur ongehoorsaamheid en die verbreking van hulle ooreenkoms

Vader bly getrou en Sy deel van die verbond bly ewiglik dieselfde. Dit is die mens se deel wat weggeval het deur ongehoorsaamheid! **God het met die mens 'n nuwe verbond gesluit, maar Sy deel van die verbond: liefde, standarde en instruksies, bly dieselfde.**

Die **verbondsteken en toelatingsvereistes**, het egter **verander**.

Nou sal u verstaan hoekom 'n nuwe verbond nodig was.

Wie is nou kinders van Avraham en dus verbondskinders?

Gal. 3:7,28 en 29

:7 Weet daarom dat dié wat uit die vertrouwe is, hulle is kinders van Avraham.

:28 Daar is nie Jood of Arameër nie, daar is nie slaaf of vryman nie, daar is nie man of vrou nie, maar julle is almal een in eenheid met Die Gesalfde Een, Yeshua.

:29 As julle aan Die Gesalfde Een behoort, is julle die saad van Avraham en volgens die belofte, erfgename.

Almal, van alle nasies, elkeen wat weergebore is, is deel van die verbond. Dit is duidelik vanuit die betekenis van die woord “Yisra'el.” Dit beteken “waaroor die Magtige heer.” “Yisra'el” is dus enige iemand oor wie die Magtige Een heers.

Let asseblief mooi op na die tweede tabel hierbo. Die persoon wat vashou aan hierdie Ou Verbond het dus geen verbond meer nie, want dit is gekanselleer, vernietig deur ongehoorsaamheid. Die skeidsmuur tussen Jood en nie-Jood is afgebreek en daar is nou **net een verbond en een verbondsvolk**.

Efe 2:13-22

:13 Nou, in Die Gesalfde Een, Yeshua, het julle wat vroeër op 'n afstand was, naby gekom deur **die bloed van Die Gesalfde Een**,

:14 want Hy is ons Vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding vernietig het.

:15 In Sy fisiese liggaam het Hy die haat waardeloos gemaak, wat deur die opinie van mense aangaande opdragte van die wet veroorsaak is sodat deur Sy liggaam, die twee tot een nuwe mens geskep kon word.

:16 Hy het die twee se verhouding met God herstel in een liggaam en deur Sy kruisiging die haat doodgemaak.

:17 Hy het gekom en die goeie boodskap van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid aan julle wat ver was en aan die wat naby was verkondig,

:18 want in Hom is daar vir ons albei toegang deur een Gees tot die Vader.

:19 Julle is daarom nie meer vreemdelinge en besoekers nie, maar inwoners van die Stad van die Afgesonderde Een en kinders van die familie van God.

:20 Julle word opgebou op die fondasie van die afgevaardigdes en die profete, met Yeshua, Die Gesalfde Een, self die Hoeksteen van die gebou.

:21 In Hom word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot 'n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה

:22 terwyl julle ook vir Hom gebou word tot 'n blyplek van God in die Gees.

Yeshua het dit self gesê:

Mat 8:11-12

:11 want Ek sê vir julle dat baie vanaf die ooste en vanaf die weste sal kom en saam met Avraham, Yitz'gag en Ya'akov sal skuinslê in die Koninkryk van die hemel,

:12 maar die kinders van die koninkryk sal uitgegooi word in die duisternis daar buite. Daar sal 'n gehuil wees en 'n gekners van tande.”

Eerstens sê Yeshua dat daar baie uit ander volke en uit ander dele van die wêreld, naamlik Jode en nie-Jode (ander nasies; onbesnedenes) sal kom om saam met die vaders van die verbond met die volk aan te sit in die Koninkryk van die hemele, dit is die Koninkryk van God. Yeshua sê dan dat die wat gedink het dat hulle omdat hulle fisiese kinders van Avraham is die Koninkryk van God gaan beërwe, in die buitenste duisternis uitgedrywe sal word.

Slegs diegene, Jood en nie-Jood wat wedergebore is deur vertrou in Yeshua as die Mashiah (Gesalfde Een) is die ware Yisra'el.

Tit 2:14 wat Homself in ons plek gegee het om ons los te koop uit alle oortredings van die wet en vir Homself 'n nuwe volk te reinig, wat ywerig is in goeie dade. Deut 14:2; Yeg 11:19; Ps 135:4

Die volgende Skrifgedeeltes bevestig die redding van al die nasies:

1 Kor 12:12-13

:12 want net soos die liggaam een is en baie ledemate het, maar al die dele van die liggaam, al is hulle baie, een liggaam is; so ook met Die Gesalfde Een,

:13 want ons is ook almal deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Arameërs, slawe of vrymanne is en ons is almal van een Gees gegee om te drink.

Rom 10:11-13

:11 want die Skrif sê: “Elkeen wat in Hom vertrou, sal nie beskaam word nie. **:12** Hierin maak Hy nie 'n onderskeid tussen Jood en nie-Jood nie, want יהוה is Een vir almal van hulle en is waardevol vir almal wat Hom aanroep, **:13** want elkeen wat hom op die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה beroep, sal lewe hê.

Dit is יהוה se ‘nuwe verbond’ en slegs deur diegene wat Yeshua verwerp het, hou nog vas aan die ou verbond!

Ons moet die verskille tussen hierdie twee verbonde verstaan en besluit aan watter verbond ons onderwerp wil wees en onder watter gesag ons staan!

Die standaard en instruksies van יהוה in die ou verbond is in die Tanakh vervat en is deur 'n Levitiese priesterorde wat diens doen in 'n fisiese tempel wat deur mense gebou is, toegepas.

Die standaard en instruksies van יהוה in die nuwe verbond is in die ganse Skrif vervat en word toegepas deur 'n Malki-Tzedek priesterorde wat diens doen in die tempel, wat nie deur hande gebou is nie, waar die Afgesonderde Gees woon, naamlik in en deur die liggaam van elkeen wat vertrou in Yeshua as die Gesalfde Een.

1 Kor 6:19 Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Gees wat Afgesonderd is, wat in julle bly, wat julle van God gekry het, is nie? Julle behoort nie aan julleself nie,

Efe 2:21-22

:21 In Yeshua word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot 'n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה

:22 terwyl ons ook vir Hom gebou word tot 'n blyplek van God in die Gees!

Net soos die fisiese teken van die fisiese besnydenis aan die fisiese Avraham en sy fisiese nageslag gegee is (die verbondsvolk van die verbond), is die geestelike teken nou aan die geestelike nageslag van Avraham (die wedergebore verbondsvolk van die nuwe verbond), gegee met die bloed van Yeshua, wat herdenk word in die beker van die liefdesmaal, ingestel by Pesag.

Wedergeboorte is die geestelike besnydenis, reeds veronderstel in **Deuteronomium 10:16**.

Kyk ook: **Deut 30:6; Yir 9:24,25; Yo'el 2:13; Rom 2:26-29; 3:30; 4:10-12; 1 Kor 7:18,19; Gal 2:3; 5:2-6; Kol 2:11**

Gen 17:11 Dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en julle: almal wat manlik onder julle is, moet besny word. Julle **moet aan die vlees van julle voorhuid besny word.**

Hand 7:8 Hy het **hom die verbond van die besnydenis** gegee en hy het die vader van Yitz'gak geword en hom op die agtste dag besny en Yitz'gak het die vader van Ya'akov geword en Ya'akov van die twaalf vaders.

1 Kor 11:25 Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: '**Hierdie beker is die nuwe verbond in My bloed**; so moet julle dit doen, elke keer as julle drink om aan My te dink,'

Kol 2:11 In Hom is julle besny met 'n besnydenis wat nie met hande gedoen word nie, deur die liggaam van die sondige natuur af te lê deur die besnydenis van Die Gesalfde Een.

In **Galasiërs 4:24 tot 31** verduidelik Sha'ul (Paulus) dat Sarah en Hagar 'n beeld is van die twee verbonde. Die een is die 'ou' verbond van die kinders van Hagar wat in slawerny is deurdat hulle daarop staatmaak vir redding en daarom onder die veroordeling van die wet is en die ander is die 'nuwe' verbond van die kinders van Sarah wat vrygekoop is deur die kosbare bloed van Yeshua. (**1 Kefa 1:18,19**)

Die betekenis word bevestig wanneer Sha'ul (Paulus) sê :

Gal. 5:1 Staan daarom vas in die vryheid waarmee Die Gesalfde Een ons vrygemaak het en moenie weer in die juk van slawerny gejuk word nie.

Op grond van ons vertroue in Yeshua is ons dus kinders van Avraham, naamlik sy nageslag en dus ook sy erfgename. Avraham is die vader van almal wat in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Meester en Koning vertrou. (**Rom. 4:14-16.**) Hy is ook die vader van die verbond vir die onbesnedene wat vertrou in Yeshua as die Gesalfde een. (**Rom. 4:11.**)

Ons is die kinders van Avraham uitsluitlik op grond van die onverdiende guns van יהוה deur vertroue in Yeshua.

Dit is vertroue wat ons die nageslag van Avraham maak. Avraham is deur vertroue regverdig verklaar en net so is dit alleenlik deur vertroue wat ons regverdig verklaar word. (**Gen. 15:6; Rom. 4:9**)

Hulle wat vandag יהוה se volk, Yisra'el is, is hulle wat die bloedoffer van Yeshua aanvaar het. Hulle is weergebore deur die Gees van God soos uitgebeeld in die doop en is gehoorsaam aan die instruksies en standarde van יהוה wat op hulle verstand, wil en emosie gegraveer is.

Dit is die nuwe verbond en die Yisra'el van God.

As enige groep mense die Mashiag sou herken het dan was dit die Jode. Die profete het vir hulle baie spesifieke en akkurate beskrywings van die koms van die Mashiag, gepas om Hom te herken wanneer Hy sou kom, gegee. Hulle het egter min of geen aandag gegee aan die getuienis van die vaders en profete en eerder verkies om hulle eie interpretasies, om hulle eie model te pas, toe te pas en het die wat nie saamgestem het daarmee nie vervolgt. Insteede daarvan om uit te kyk vir die Mashiag wat hulle met God sou herenig, verwag hulle a Mashiag wat 'n wêreldse koning sou wees en wat hulle sou verdedig teen hulle vyande. In die tyd van die eerste eeu het die Jode gedink dat die Mashiag sou opstaan en die onderdrukkende Romeine sou verslaan. Hulle kon nie verstaan dat die omvang van die oorwinning by verre wyer sou wees as net die eenvoudige nasionale stryd nie aangesien hulle so 'n obsessie gehad het met hulle wêreldse politieke status.

III. 'N MASHIAG SOOS IN DIE TANAKH GEPROFETEER

Een van die mees versekerde dinge in die Tanakh is die belofte van 'n Mashiag, 'n Gesalfde Een, wat sal kom om die Koninkryk van God te herstel. Die konsekwentheid in hierdie profesieë sal as bewys staan van wie hierdie Mashiag sal wees.

Is dit moontlik dat hierdie profesieë na die geboorte van Yeshua, as bewys van 'n Mashiag, geskryf is?

Daar is eenvoudig te veel bewyse dat die Tanakh geskrifte in sirkulasies was en gebruik is voor Sy geboorte vir hierdie om enigsins moontlik te wees. Een voorbeeld is die Septuagint, wat omtrent 'n 1000 jaar voor die Massoretiese teks gedateer is en voltooi is rondom 135 voor Yeshua en 'n ander is die Peshitta Aramese Tanakh rondom die tyd van Yeshua. Die Dooie See Rolle is nog 'n voorbeeld met baie rolle teruggedateer tot 250 BC. Ander (minder vertrouenswaardige) bronne sluit die Talmud in en verskeie antieke skrywers wat die kennis van sekere Mashiag-verwante profesieë rondom die tyd van Yeshua opgeteken het. Selfs al verwerp 'n mens die idee dat die inhoud van die Tanakh eers voltooid en saamgestel was teen 430 BC, is daar genoeg bewys wat 'n tydverloop van ten minste 250 jaar aandui tussen die laaste Mashiag-verwante profesie en die tyd van Yeshua. Indien ons aanvaar dat Mosheh die Torah in ongeveer 1400 BC geskryf het/ saamgestel het, beteken dit dat sommige profesieë voor 1400 voor die lewe van Yeshua opgeskryf is.

Die Jode van ouds was baie bekend met die Messiaanse profesieë, alhoewel daar bietjie verwarring was oor die skynbare teenstrydige profesieë: een profesie praat van die lydende dienskneg terwyl 'n ander praat van die triomferende en glorieryke koning. Vandag weet ons dat die Bybel van twee afsonderlike verskynings van die Mashiag praat. Sy eerste verskyning was een van vrede, opoffering en vernedering terwyl Sy tweede koms in die laaste dae een sal wees van heerlikheid, veroordeling en versoening.

Na die Babiloniese verbanning was daar baie verskillende beskouinge en denkrigtings rondom die Mashiag. Sommige het die Mashiag as 'n suiwer natuurlike politieke leier (aldus magtiger as Rome) beskou wat deel sal vorm van die historiese konings lyn van Yisra'el. Ander het die Mashiag as 'n bonatuurlike wese, of 'n tipe engel, beskou. Nog 'n ander denkwysie het Hom as 'n universele Koning/ Seun van God beskou wat aan die einde van Geskiedenis sal verskyn en heers. Daar was selfs hulle wat geen Mashiag verwag het nie. Dit wil voorkom asof geeneen die gedagte van die Skepper gehad het nie en eerder op suiwer menslike oogpunte, idees en ideologieë staat gemaak het.

Hier volg net 2 aanhalings as bewys dat die verwagting van 'n Mashiag in die tyd voor Yeshua 'n werklikheid was:

- *"We have numerous early Jewish sources that portray the Mashiag, variously, as one who will serve as the eschatological high priest (the Dead Sea Scrolls, the T12P²), or as the consummate benevolent and all-powerful king (PssSol 17). Numerous functions are sometimes attributed to the Mashiag: He will judge the wicked (PssSol 17, 4Ezra 12, 2Bar 40), destroy them (PssSol 17, 4Ezra 12, 2 Bar 72; cf. Is 11), deliver God's people (PssSol 17, 4Ezra 12, cf. Zech 9), and / or reign in a blessed kingdom (PssSol 17, 18; 2Bar40; cf. Ps. 2)." (Charlesworth, et al 2000).*
- *"The expectation of a king from the Davidic line, which is dormant for much of the postexilic era, resurfaces after the restoration of native, non-Davidic, Jewish kingship in the Hasmonean period (late second to early first centuries BCE). It then reappears in more than one setting. By the first century CE it can fairly be said to be part of the common heritage of Judaism." from 'The Scepter and the Star' by John Collins, p47 (Collins, 1995).*

² The Testaments of the Twelve Patriarchs, an apocryphal Jewish writing from the 2nd century AD.

A. DIE TWEELLEDIGE DOEL VAN DIE MASHIAG

Die tweeledige doel en natuur van die Mashiag is 'n belangrike begrip wat sal help in ons verstaan van wie die Mashiag is en wat Sy rol hier op aarde is. Alhoewel daar baie Skrif is wat die Mashiag beskryf as een wat oorwin en heers oor die wêreld, bv. die Koning, kan ons nie die baie ander ignoreer wat Hom as Dienskneg beskryf nie.

Soos wat ons in detail deur hierdie verse gaan, sal jy as leser vir jouself moet besluit oor 'n paar dinge:

1. Sal daar 'n Mashiag wees,
2. Indien, hoe sal Hy wees en wat sal Hy doen en
3. Wie voldoen aan al hierdie standaarde van die Dienskneg.

B. DIE DIENSKNEG IN YESHA'YAHU 52 & 53

Ons sal begin met **Yesha'yahu 52:13 tot 53:12**, geskryf rondom 700 BC.

Yes 52:13-15

:13 Let op, My Dienskneg sal voorspoedig wees, Hy sal hoog en opgelig wees, grootliks verhewe.

:14 Net soos **baie hulle oor jou verstom het**, so is Sy voorkoms meer ontsier as enige mens en Sy voorkoms meer as die seuns van die mens.

:15 So sal **Hy baie nasies reinig**, konings sal hulle mond toehou as gevolg van Hom, want wat nie aan hulle vertel is nie, sal hulle sien en wat hulle nie gehoor het nie, sal hulle verstaan.

Yes 53:1-12

:1 My meester, wie het ons boodskap geglo? Aan wie is die arm van יהוה openbaar?

:2 Hy het voor Hom opgegroeï soos 'n jong loot en soos 'n wortel uit verskroeiende grond. Hy het geen gestalte of majesteit gehad dat ons na Hom sou kyk nie en ook geen voorkoms sodat ons tot Hom aangetrokke sou wees nie.

:3 Hy is verag en deur die mense in die steek gelaat, 'n Man van smarte en bekend met droefheid en is verag soos een vir wie mense hulle gesig wegsteek en ons het **Hom nie geag nie**.

:4 Sekerlik het Hy **óns siektes en óns benoudhede gedra**; tog het óns Hom beskou as een wat aangetas is, deur God geslaan en onderdruk,

:5 maar Hy is **deurboor vir ons oortredinge van die wet, Hy is vergruis vir ons onregverdighede**; die tugtiging was op Hom sodat dit goed kan gaan met ons en **deur Sy kastyding is ons genees**.

:6 Ons almal het afgedwaal soos skape, ons het elkeen na sy eie pad gedraai, **maar יהוה het die onregverdigheid van ons almal op Hom laat val**.

:7 Hy was onderdruk en geteister, tog het Hy nie Sy mond oopgemaak nie; **soos 'n lam wat na die slagting gelei word en soos 'n skaap wat stil is voor sy skeerders, so het Hy nie Sy mond oopgemaak nie**.

:8 Hy is uit die tronk en die oordeel weggevat en **wie kan Sy angskryf? Hy is afgesny uit die land van die lewendes, vir die wetsoortreding van My volk, vir wie die straf was**.

:9 Sy graf is toegeken by wetsoortreders, alhoewel Hy geen geweld gepleeg het nie; **tog was Hy by 'n ryk man in Sy dood; ook was daar geen bedrog in Sy mond nie**,

:10 maar dit het יהוה behaag om Hom te vergruis, Hom te laat ly; **Hy het Homself as 'n Oortredingsoffer gemaak** sodat ewigheid dit sal sien; Hy sal Sy dae verleng en die goeie wil van יהוה sal deur Sy hand voorspoedig wees.

:11 Hy sal die beloning van die angskryf van Sy lewe sien en tevrede wees deur Sy kennis; Hy sal die regverdige onskuldig verklaar, **want Hy is 'n Dienskneg van baie en Hy sal hulle oortredinge dra**.

:12 Ek sal daarom vir Hom 'n deel gee onder die grotes en met die sterkes sal Hy die buit verdeel **omdat Hy Homself uitgestort het tot die dood en saam met die wetteloses getel is; tog het Hy die sonde van baie gedra en vir die wetsoortreders ingetree.**

Hieronder is 'n kort opsomming van die teks hierbo wat die Mashiag as Dienskneg asook as Koning uitgelig. Die dele wat vet gedruk is, is spesifieke gedeeltes wat in die Nuwe Verbond geskryfte geëggo word. Die Dienskneg-Koning het die volgende karaktertrekke:

Hy sal voorspoedig wees (52:13)

Hy sal hoog en opgelig wees, grootliks verhewe (52:13)

Baie sal oor Hom verstom wees (52:14)

Sy voorkoms meer ontsier as enige mens en. (52:14)

Sy voorkoms meer as die seuns van die mens (52:14)

Hy sal baie nasies reinig (52:15)

Konings sal hulle mond toehou as gevolg van Hom (52:15)

Hy sal opgroei soos 'n jong loot (53:2)

Hy sal opgroei soos 'n wortel uit verskroeiende grond (53:2)

Hy het geen gestalte of majesteit gehad (53:2)

geen voorkoms sodat ons tot Hom aangetrokke (53:2)

Hy is verag en deur die mense in die steek gelaat, (53:3)

'n Man van smarte (53:3)

Bekend met droefheid (53:3)

Hy is verag soos een vir wie mense hulle gesig wegsteek en ons het Hom nie geag nie. (53:3)

Hy óns siektes en óns benoudhede gedra (53:4)

Hy word gesien soos een wat aangetas is, deur God geslaan en onderdruk (53:4)

Hy is deurboor vir ons oortredinge van die wet (53:5)

Hy is vergruis vir ons onregverdighede (53:5)

יהיה het die onregverdigheid van ons almal op Hom laat val. (53:6)

Hy was onderdruk (53:7)

Geteister (53:7)

Soos 'n lam wat na die slagting gelei word e (53:7)

Soos 'n skaap wat stil is voor sy skeerders, so het Hy nie Sy mond oopgemaak nie. (53:7)

Hy is uit die tronk en die oordeel weggevat (53:8)

Hy is afgesny uit die land van die lewendes, (53:8).

Wie kan Sy angsk beskryf? vir die wetsoortreding van My volk, vir wie die straf was. (53:8).

Sy graf is toegeken by wetsoortreders; tog was Hy by 'n ryk man in Sy dood (53:9).

Hy geen geweld gepleeg het nie (53:9).

Ook was daar geen bedrog in Sy mond nie (53:9)

Dit het יהוה behaag om Hom te vergruis (53:10).

Hom te laat ly (53:10).

Hy het Homself as 'n Oortredingsoffer gemaak [Hebr. "Asham"] (53:10)

Sodat ewigheid dit sal sien (53:10).

Hy sal Sy dae verleng (53:10)

Die goeie wil van יהוה sal deur Sy hand voorspoedig wees (53:10)

Hy sal die beloning van die angs van Sy lewe sien (Dead Sea Scrolls, in 53:11).

Tevrede wees deur Sy kennis (53:11)

Want Hy is 'n Dienskneg van baie en Hy sal hulle oortredinge dra (53:11)

Ek sal daarom vir Hom 'n deel gee onder die grotes en met die sterkes sal Hy die buit verdeel omdat:
- die volgende 3 dinge (53:12):

Hy Homself uitgestort het tot die dood (53:12)

En saam met die wetteloses getel is; (53:12)

Tog het Hy die sonde van baie gedra en vir die wetsoortreders ingetree. (53:12)

Vanuit hierdie opsomming word dit duidelik wat die karakter van die Dienskneg-Koning is en wat Hy sal doen. Dit sal ons ook help om hierdie persoon, gebaseer op die Bybel, te identifiseer

C. WIE IS DIE DIENSKNEG?

Die volgende vraag is dan, wie is die "Dienskneg"? Daar is algemeen 4 moontlikhede gegee:

1. Yisra'el,
2. Y'udah,
3. Yisra'el en Y'udah, of
4. Die Mashiag.

Ons sal nou elkeen van hierdie in meer detail bestudeer en hoe elkeen kwalifiseer ten opsigte van die karakteristieke hierbo uitgelig.

YISRA'EL?

Die eerste moontlikheid is dat die dienskneg verwys na Yisra'el as volk gekies deur God en gekenmerk deur die Verenigde koninkryk onder koning Dawid en Shlomo.

Gebaseer op die informasie hierbo is daar verskeie karakteristieke van die Dienskneg wat verhoed dat dit Yisra'el kan wees:

- a. Die Dienskneg sal voorspoedig wees.
- b. Deur Sy kennis sal die Dienskneg baie regverdig verklaar
- c. Die Kneg het geen geweld gepleeg nie.
- d. Die Kneg was regverdig en het geen bedrog in Sy mond gehad nie.
- e. Hy self, hierdie Kneg, was 'n oortredings offer.

Hulle wat Yeshua as die Mashiag ontken sê dat Yisra'el (nie Y'udah nie) weggedraai het van die ware geloof, gebaseer op 'n verkeerde vertaling van Hosea 12:1, maar ignoreer al die verse wat bevestig dat Y'udah ook weggedraai het van God. Sekerlik kan geen van die bo-genoemde kenmerke akkuraat inpas in die beskrywing van selfs hulle begrip van Yisra'el nie

Daar is egter bewyse dat op ander plekke die Kneg van **Yesha'yahu 53** Yisra'el is.

Kom ons bestudeer **Yesha'yahu 49** wat ook van 'n Kneg praat:

Yes 49:1-3

:1 Luister na My, eilande en gee aandag, volke wat ver is! יהוה het My geroep van die baarmoeder af; vanaf die liggaam van My moeder het Hy My Naam (Karakter en Outoriteit) gegee.

:2 Hy het My mond gemaak soos 'n skerp swaard, in die skaduwee van Sy hand het Hy My verberg en Hy het My ook 'n gekose pyl gemaak, Hy het My in Sy pylkoker weggesteek.

:3 Hy het vir My gesê: “Jy is My dienskneg, Yisra'el, in Wie Ek My eer, lof en aanbidding sal wys.”

Die Kneg wat hier in **Yesha'yahu 49** van gepraat word, is inderdaad geïdentifiseer as Yisra'el. Lees verder:

Yes 49:4-5

:4 Ek het nie vir die nageslag van Ya'akov gesê: “Ek het tevergeefs hard gewerk, my krag vir niks en vrugteloos spandeer! Sekerlik is My oordeel voor יהוה en My werk voor My God,” nie.

:5 Nou sê יהוה, wat My van die baarmoeder af gevorm het om **Sy Dienskneg te wees**, om Ya'akov na Hom toe terug te bring sodat Yisra'el by Hom versamel mag word, want Ek word geëer in die oë van יהוה en My God is My sterkte.

Ons sien nou dat, alhoewel die Kneg Yisra'el is, Hy Yisra'el terugbring na יהוה. Hoe kan Yisra'el vir Yisra'el terugbring?

Yes 49:6 Hy sê: “Dit is te gering dat U My Dienskneg sou wees om die stamme van Ya'akov op te tel en die wat bewaar is in Yisra'el te herstel. Ek sal U ook maak tot 'n Lig van die nasies sodat My verlossing tot aan die einde van die aarde kan reik.”

Hier bring hierdie Kneg nie net Yisra'el terug nie, Hy gaan ook 'n lig vir die Heidene wees en selfs die verlossing van יהוה wees tot die einde van die aarde! Hierdie is alles dinge wat in lyn is met die profesieë van die Mashiag wat moet kom (soos ons later sal bespreek.) Die Mashiag kan dus ook Yisra'el genoem word, want Mashiag wat sou kom sou van die stam van Yisra'el kom en nie van die Heidense saad nie. Die Mashiag wat sou kom sou die ware, regverdige verpersoonliking van Yisra'el wees en nie wat die volk deur ongehoorsaamheid geword het nie.

Y'HUDAH?

Die volgende moontlikheid is Y'udah; die deel van die oorspronklike Koninkryk van Yisra'el wat rondom Jerusalem en die Tempel gesentreer was na die verdeling van die Verenigde koninkryk na Shlomo se dood. Hierdie is egter die minste moontlikheid van al die moontlikhede.

Yes 53:8 Hy is uit die tronk en die oordeel weggevat en wie kan Sy angs beskryf? Hy is afgesny uit die land van die lewendes, vir die wetsoortreding van My volk, vir wie die straf was.

As die Kneg Y'udah is wie is dan die volk van יהודה in hierdie vers? Dit kan nie Y'udah wees as die Kneg Y'udah is nie.

Verder moet ons onthou dat Yesha'yahu van die stam van Y'udah was. As dit dan die geval is wie is dan die “ons” in hierdie vers wat volg?

Yes 53:5 maar Hy is deurboor vir **ons** oortredinge van die wet, Hy is vergruis vir **ons** onregverdighede; die tugtiging was op Hom sodat dit goed kan gaan met **ons** en deur Sy kastyding is **ons** genees.

Vir wie se oortredinge word die Kneg in hierdie verse gewond? Wie se onregverdighede? Wie word genees deur Sy kastyding? Volgens Yesha'yahu is dit “ons” onregverdighede en oortredinge en die tugtiging was op Hom sodat dit met ons goed kan gaan en deur Sy kastyding word “ons” genees. “Ons” in hierdie geval sou Y'udah wees aangesien Yesha'yahu van die stam van Y'udah is. Dus, byvoorbeeld, as dit sê: “Ons verag Hom” dan is die “ons” Y'udah. Hierdie maak dit daarom onmoontlik vir die Kneg van Yesha'yahu 53 om Y'udah te wees aangesien die kneg onderskei word van Y'udah. Dan ook, hoe kan Y'udah 'n oortredings offer wees? Dit maak nie sin nie.

Y'HUDAH EN YISRA'EL?

Die vraag of Y'udah en Yisra'el die Kneg is, kom vanuit die nasionale verlange van Y'udah om met Yisra'el herenig te wees onder 'n koning van Y'udah, 'n herinnering aan die Verenigde Koninkryk. Aangesien elkeen individueel nie die kneg kan wees nie, geld dieselfde argumente teen die gesamentlike identiteit as Kneg.

DIE MASHIAG?

Indien hierdie Kneg van **Yesha'yahu 53** die Mashiag is, moet ander Mashiag-verwante profesieë saamstem met die beskrywing. Hierdie lei tot die vraag of daar wel enige Skrif in Yesha'yahu is wat die Mashiag as die “Kneg” identifiseer?

Yes 42:1-3

- :1** “Let op, My Kneg wat Ek ondersteun; My gekose Een in Wie My Lewe verheug is. Ek het My Gees op Hom gelê; Hy sal regverdige oordeel na die nasies bring.
- :2** Hy sal nie uitskree of Sy stem verhef, of Sy stem op die straat laat hoor nie.
- :3** Die gekneusde riet sal Hy nie breek en die dowwe lamppit nie uitblus nie; Hy sal getrou 'n regverdige oordeel bring.

Hierdie Skrif praat ook van 'n Kneg in wie יהודה verheug is en wat regverdige oordeel na die nasies sal bring. Hierdie stem saam met ander profesieë wat ons sal lees wat verklaar dat die Mashiag oordeel sal bring

Indien die Kneg in **Yesha'yahu 53** geïdentifiseer word as die Mashiag, is daar ander Skrif wat ook praat van 'n lydende “Kneg” Mashiag? Kom ons bestudeer **Yesha'yahu 50**:

Yes 50:1-6

- :1** So sê יהודה: “Waar is die skeibrief waarmee Ek julle moeder weggestuur het? Of aan wie van My skuldeisers het Ek julle verkoop? Let op, julle is verkoop vir julle onregverdigheid en vir jul oortredinge van die wet is julle moeder weggestuur.
- :2** Waarom was daar niemand toe Ek gekom het nie? Toe Ek geroep het, het niemand geantwoord nie? Is My hand so kort dat Ek nie kan loskoop of het Ek nie die krag om te bevry nie? Let op, deur My bestraffing maak Ek die see droog; Ek maak van die riviere 'n wildernis; hulle visse stink omdat daar geen water is nie en sterf van die dors.
- :3** Ek trek die hemele aan met duisternis en bedek dit met 'n roukleed.

:4 יהוה-God het vir my die tong van 'n geleerde gegee sodat ek kan weet hoe om die vermoede te verkwik met 'n woord; Hy maak my in die oggend wakker, Hy maak my oor wakker om die leringe te hoor.

:5 יהוה-God het my oor oopgemaak en ek was nie ongehoorsaam of het teruggedraai nie.

:6 Ek het my rug gegee vir die wat slaan en my wange vir die wat die baard uitpluk; ek het nie my gesig toegemaak vir vernedering en gespoeg nie,

In die teks hierbo vind ons dieselfde eienskappe wat toegepas is op die Kneg in **Yesha'yahu 53**. Hy sal verwerp word al het Hy die mag om “die see op te droog,” “riviere ‘n wildernis te maak” en “die hemele met duisternis en ‘n roukleed te bedek.” Hierdie is sekerlik nie ‘n akkurate voorstelling van Yisra’el, Y’udah of enige ander nasies nie. Van wanneer af het Yisra’el of Y’udah die mag om die hemele en aarde te beheer? Inteendeel, enige vinnige blaai deur Yesha'yahu en Yirmeyahu sal wys dat beide profete verklaar dat Yisra’el en Y’udah rebelleer het en weggedraai het van יהוה. Hierdie Kneg kan daarom nie hulle wees nie. Die verse hierbo is ook in ooreenstemming met **Yesha'yahu 53**, wat verklaar dat alhoewel die Kneg “hoog en opgelig” is en “grootliks verhewe,” hy sal ly. Die Mashiag sou gewilliglik “sy rug gegee het” vir hulle wat Hom kasty, Sy “wange” vir hulle wat die baard uitpluk en sou nie “Sy gesig toemaak vir vernedering en gespoeg nie.”

Yes 50:7-11

:7 want יהוה-God help my; daarom word ek nie onteer nie; daarom het ek my gesig soos 'n vuursteen gemaak en ek weet dat ek nie beskaamd sal staan nie.

:8 Hy wat my verdedig is naby; wie sal teen my staan? Laat ons teen mekaar opstaan! Wie het 'n saak teen my? Laat hom naderkom na my toe!

:9 Let op, יהוה-God help my; wie is dit wat my veroordeel? Let op, hulle sal almal verslyt soos 'n kledingstuk; die mot sal hulle eet.

:10 Wie is daar onder julle wat יהוה vrees, wat die stem van Sy dienskneg gehoorsaam, wat in duisternis loop en geen lig het nie? Laat hom vertrou in die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה en steun op sy God!

:11 Let op, julle almal wat 'n vuur aansteek, wat julleself met vonke omring, loop in die lig van julle vuur en tussen die vonke wat julle aangesteek het! Dit sal julle van My hand ontvang; julle sal in foltering neerlê.

Die teks dui aan dat 'n mens יהוה moet vrees deur die stem van hierdie Kneg te gehoorsaam of hulle sal in foltering neerlê. Wee die persoon wat Hom teëgaan! Die gebruik van die terme “Kneg” bevestig wie hier beskryf word. Die Mashiag as persoon is daarom die enigste wat waarlik pas in al die moontlikhede.

IV. IS 'N MENS AS OFFER AANVAARBAAR?

Mense offer is 'n groot probleem vir hulle wat 'n persoon as die Mashiag, wat doodgemaak is as offer vir die sonde van die mensdom, in twyfel wil trek. Indien hierdie offer egter nie waarlik aanvaarbaar is vir God nie, sal dit vir enige Mashiag onmoontlik wees om die profesieë te vervul.

Kom ons bestudeer eers Skrif oor die Mashiag om te besluit wat Hy moes doen:

Yes 53:5-12

:5 maar Hy is deurboor vir ons oortredinge van die wet, Hy is vergruis vir ons onregverdighe; die tugtiging was op Hom sodat dit goed kan gaan met ons en deur Sy kastyding is ons genees.

:6 Ons almal het afgedwaal soos skape, ons het elkeen na sy eie pad gedraai, maar יהוה het die onregverdigheid van ons almal op Hom laat val.

:7 Hy was onderdruk en geteister, tog het Hy nie Sy mond oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagting gelei word en soos 'n skaap wat stil is voor sy skeerders, so het Hy nie Sy mond oopgemaak nie.

:8 Hy is uit die tronk en die oordeel weggevat en wie kan Sy angs beskryf? Hy is afgesny uit die land van die lewendes, vir die wetsoortreding van My volk, vir wie die straf was.

:9 Sy graf is toegeken by wetsoortreders, alhoewel Hy geen geweld gepleeg het nie; tog was Hy by 'n ryk man in Sy dood; ook was daar geen bedrog in Sy mond nie,

:10 maar dit het יהוה behaag om Hom te vergruis, Hom te laat ly; Hy het Homself as 'n Oortredingsoffer gemaak sodat ewigheid dit sal sien; Hy sal Sy dae verleng en die goeie wil van יהוה sal deur Sy hand voorspoedig wees.

:11 Hy sal die beloning van die angs van Sy lewe sien en tevrede wees deur Sy kennis; Hy sal die regverdige onskuldig verklaar, want Hy is 'n Dienskneg van baie en Hy sal hulle oortredinge dra.

:12 Ek sal daarom vir Hom 'n deel gee onder die grotes en met die sterkes sal Hy die buit verdeel omdat Hy Homself uitgestort het tot die dood en saam met die wetteloses getel is; tog het Hy die sonde van baie gedra en vir die wetsoortreders ingetree.

Die gedagte van 'n vervangings offer is wel bekend in die Tanakh en is aanvaar as versoening en betaling vir die straf van sonde:

Num 8:12 Die Leviëte moet **hulle hande op die koppe** van die bulle lê en jy moet die een **as sondoffer offer en die ander as brandoffer tot יהוה, om vir die Leviëte toedekking te doen**

Lev 16:21 en Aharon moet sy twee hande op die kop van die lewende bok lê **en oor hom belydenis doen van al die skuld van die seuns van Yisra'el**, al hulle wetsoortredinge, **al hulle sondes en hy moet dié op die kop van die bok lê** en hom deur die hand van 'n man wat daar gereed staan, in die wildernis instuur

Lev 4:14 wanneer die sonde wat hulle gedoen het, bekend word, **moet die vergadering 'n jong bul vir hulle sonde offer** en hom voor die Tent van Ontmoeting bring.

:15 Die oudstes van die vergadering moet **hulle hande op die kop** van die bul lê voor יהוה en **die bul moet voor יהוה doodgemaak word.**

Kom ons gaan kyk nou na die moontlikheid van 'n mense offer:

Yesha'yahu 53:5, 6, 11 en 12 sê presies dit. Dit is 'n integrale deel van wat geprofeteer is oor wat die Mashiag moet vermag.

Hoe kan Hy die ware Mashiag wees sonder om hierdie vereistes na te kom?

Yesha'yahu 53:9 sê dat Hy sonder sonde is – daarom sal Hy, volgens die wet aanvaar word om 'n offer te wees.

Ons sal die gedeeltes in die Skrif waar menseoffers genoem word bestudeer: **Genesis 22:2** en **Rigters 11:29-31**. Ons moet versigtig lees sonder enige aannames of interpretasies. Na die verse, sal ons kyk na Judaïsme se eie leringe hieroor om duidelikheid te verkry oor wat die Jode self glo oor mense offers.

A. GENESIS 22:2

Die eerste gedeelte is Genesis 22:2. Hier beveel God Avraham om vir Yitz'gag as 'n brandoffer te offer:

Gen 22:2 Hy sê: “Neem nou jou seun, jou uniek enigste wat jy lief het, Yitz'gag en gaan na die land Moriyah en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek vir jou sal uitwys.”

Ek lees dat God die mens nooit sal versoek nie. Versoeking is wanneer iemand gevra word om te sondig, iets wat God NOOIT sal doen nie, aangesien dit sinneloos en onlogies is tot Sy plan en hele wese:

Ya'akov 1:13 Laat niemand, as hy versoek word, sê: “Ek word deur God versoek nie,” want God is nie bekend met boosheid nie en Hy versoek nie die mens nie

God het nie gedink dat Hy Avraham versoek tot sonde toe Hy hom vra om sy seun as brandoffer te offer nie. Dit maak nie saak of God geweet het dat Hy 'n ram sou voorsien het op die laaste oomblik nie, Hy sal nooit van iemand vra om te sondig nie. Satan versoek iemand om te sondig.

Avraham, 'n regverdige man, het nie gesê: “Jammer, maar dit is teen die wet.” Nie. Hy het die hout en vuur geneem, wat bewys dat hy presies geweet het wat om te doen en ook sy seun om te doen wat God hom beveel het.

Ek glo ook dat Yitz'gag oud genoeg was (so 12) om weg te hardloop as hy wou, wat beteken dat hy moontlik aanvaar het dat hy geoffer moet word.

Daar is absoluut geen verbod in die Skrif teen 'n mense offer nie, solank dit die voorwaardes van 'n offer vervul, naamlik om rein te wees.

Wat dan van die verbod in Levitikus?

Wat dan van:

Lev 18:21 Jy mag geen van jou kinders gee om in vuur aan Molekh geoffer te word en die Naam (Karakter en Outoriteit) van jou God te onteer nie. Ek is יהוה.

Lev 20:2 “Jy moet ook vir die seuns van Yisra'el sê: ‘Enige een uit die seuns van Yisra'el of uit die vreemdelinge wat in Yisra'el besoek, wat enige van sy kinders aan Molekh gee, moet tereggestel word tot die dood. Die volk van die land moet hom met klippe stenig.

:3 Ek sal My gesig teen dié man draai en sal hom afsny onder sy volk uit, want hy het van sy kinders aan Molekh gegee om My Afgesonderde plek onrein te maak en My Afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit) te onteer.

Ons het gesê dat ons dit versigtig sal bestudeer en kyk wat presies daar staan. Niemand word toegelaat om te offer (in die geval hulle seuns) aan Molech (of enige ander vals afgod) nie. Tweedens praat dit van kinders wat gedwing word en nie 'n volwassene, wat sonder sonde, die keuse maak om die self te offer nie.

Dit is dan ook sonder om by te voeg dat beide die Septuagint (LXX) en die Aramese Peshitta Tanakh nie hier verwys na 'n offer nie.

B. RIGTERS 11

Die tweede gedeelte is Rigters 11:29-31 waar Yiftag dwaaslik belowe om die eerste ding wat uitkom om hom te verwelkom te offer en dan opeindig om sy dogter te moet offer.

Rig 11:29-31

:29 Die Gees van יהוה het op Yiftag gekom sodat hy deur Gil'ad en M'nasheh gegaan het; toe het hy deur Mitzpeh in Gil'ad gegaan en van Mitzpeh in Gil'ad het hy aangegaan na die seuns van `Ammon.

:30 Yiftag het 'n gelofte aan יהוה gedoen en gesê: “As U waarlik die seuns van `Ammon in my hand gee,

:31 dan sal dit wees dat wat ook al uitkom by die deure van my huis om my te ontmoet, as ek in vrede terugkom van die kinders van `Ammon, aan יהוה sal behoort en ek sal dit as 'n brandoffer offer.”

Daar is 3 dinge om ingedagte te hou wanneer ons hierdie verse lees:

- Yiftag was gevul met die Gees.
- Hy het 'n eed geneem wat of dit goed of sleg is, bindend is volgens die Skrif. **Num 30:2, Deu 23:23**
- “aan יהוה sal behoort en ek sal dit **as 'n brandoffer offer** “nêrens word hy betuigtig nie, nie hier of later nie. Hy sê ook nie “afsonder” nie, maar “brandoffer.”

Rig 11:34-35

:34 Toe Yiftag in Mitzpah by sy huis kom, let op, het sy dogter uitgekom om hom te ontmoet met tamboeryn en dans. Sy was sy absoluut enigste kind; behalwe vir haar het hy geen seun of dogter gehad nie.

:35 Toe hy haar sien, skeur hy sy klere en sê: “Ag, my dogter! Jy laat my baie laag neerbuig en jy is tussen hulle wat vir my moeilikheid bring, want ek het my woord aan יהוה gegee en ek kan dit nie terugtrek nie.”

Vanuit hierdie sien ons dus:

- Hy reageer nie soos 'n man wat net sy kind in diens van God moet gee nie. Vir die Yisra'eliete was dit 'n voorreg.
- Hy sê dat hy nie kan teruggaan op sy belofte/ eed van 'n brandoffer nie.
- Sy het dit aanvaar aangesien sy oud genoeg as om te besluit.

Rig 11:39 Aan die einde van twee maande het sy na haar vader teruggekom en hy het aan haar gedoen volgens die gelofte wat hy gedoen het en sy het geen man intiem geken nie.

“... volgens die gelofte ” – wat was sy gelofte/eed? Dit was om “ dit as 'n **brandoffer** te offer”.

Sonder afleidings en interpretasies is dit wat die Skrif sê en ons kan nie meer inlees omdat dit ons morele teergevoeligheid aanraak nie.

Lev 27:27-29

:27 As dit 'n onrein dier is, dan moet hy dit na jou evaluering loskoop en 'n vyfde deel daarvan bysit en as dit nie losgekoop word nie, moet dit volgens jou evaluering verkoop word.

:28 Nogtans mag geen van die toegewyde goed wat iemand aan יהוה wy, van alles wat aan hom behoort, mense, vee of grond wat in sy besit is, verkoop of losgekoop word nie. Al die toegewyde goed moet volkome tot יהוה afgesonder wees.
:29 Geen toegewyde ding, toegewy om vernietig te word, mag losgekoop word nie; hy moet die dood sterf.

2 Sh'm 21:1, 8-9, 14b

:1 In die dae van Dawid was daar 'n hongersnood vir drie jaar lank; jaar ná jaar het Dawid die Teenwoordigheid van יהוה gesoek en יהוה het gesê: "Dit is vir Sha'ul en sy bebloede huis omdat hy die Giv'oniete doodgemaak het."

:8 Die koning vat toe die twee seuns van Ritzpah, die dogter van Ayah, Armoni en M'fivoshet, wat vir Sha'ul gebore is en die vyf seuns van Merav, die dogter van Sha'ul, wat vir Adri'el, die seun van Barzillai, die Megolatiet, gebore is

:9 en hy het hulle oorgegee in die hand van die Giv'oniete en hulle het hul opgehang in die berg voor die Teenwoordigheid van יהוה

:14b ... en daarna is God deur gebed beweeg vir die land.

Vanuit hierdie gedeelte sien ons dat God 'n hongersnood van drie jaar oor Dawid se koninkryk gestuur het oor "Sha'ul en sy bebloede huis omdat hy die Giv'oniete doodgemaak het." Om vir hierdie "bloedskuld" te smee, moes Dawid twee van Sha'ul se seuns en vyf van sy kleinseuns doodmaak en hang "voor die Teenwoordigheid van יהוה." Nadat hulle doodgemaak is, het God die hongersnood gestop.

Die Ou Testament stop net kort daarvan om mense offers te verbied, want Yeshua was 'n gewillige, volwasse mense offer. Duidelik was Sy offer aanvaarbaar vir God. Die OT skryf egter nie en verwag ook nie mense offers nie. Al die reëls rondom watter tipe offers aanvaarbaar was en vir watter doel, praat net van diere, voëls en graan. Mense word nooit genoem as 'n opsie nie. Om die waarheid te sê, mense in die algemeen sou nie aanvaarbaar wees as offers nie, as gevolg van hulle sonde wat hulle onvolmaak maak en alleenlik volmaak te offers was aanvaarbaar; daarom is "onskuldige" diere gebruik. **Yeshua is daarom dan ook die enigste mens wat ooit as offer aanvaar kon word.**

C. RABBINESE LEER

Ons gaan nou kyk na wat die Joodse Rabbi's te sê het oor mense offers. Dit sal dan ook bevestig of hulle mense offers verstaan het op dieselfde manier as wat ons nou doen.

Let op dat hierdie probleem van 'n mens wat Sy lewe offer (al is dit spesiaal) vir ander mense op God alleenlik se voorskrifte is 'n Tanakh probleem EERSTENS en NIE 'n "Nuwe Verbond" probleem nie. Ons het dit eenvoudig van hulle geërf!

Joodse tradisie leer dat die dood van 'n regverdige versoening doen vir die sonde van 'n generasies. Dit is egter tyd vir 'n werklikheid stoets: het die Jode van die tyd 'n probleem daarin gesien dat 'n regverdige persoon sy lewe op die manier gee?

Nee, glad nie. Om die waarheid te sê hierdie "plaasvervangings motief" was op Mosheh van toepassing (in **Yesha'yahu 53**), vir sommige rabbi's en vir die onskuldige:

- *"The atonement of suffering and death is not limited to the suffering person. The atoning effect extends to all the generation. This is especially the case with such sufferers as cannot either by reason of their righteous life or by their youth possibly have merited the afflictions which have come upon them. The death of the righteous atones just as well as certain sacrifices."* [Mechilta, 72b]
- Hulle het ook die volgend Skriftelike woorde op Mosheh van toepassing gemaak: "And he bore the sins of many" (**Yes 53:12**), omdat hy homself as 'n versoening vir Yisra'el se sonde aangebied het tydens die goue kalf episode, gereed om sy hele wese vir Yisra'el te offer, toe hy gesê het: "And if

not, blot me, I pray thee, out of thy book (that is, from the Book of the Living), which thou hast written" (Exod- 32:32).' [Sotah, 14a and Berachoth 32a]

- Hierdie gewillige gereedheid om jouself vir Yisra'el te offer was 'n eienskap van al die groot manne van Yisra'el, die voorvaders en profete het dieselfde opgetree, terwyl ook sommige rabbi's, op sekere geleenthede, ook uitgeroep het: "*Behold, I am the atonement of Yisra'el*" [**Mechilta, 2a; Mishnah Negaim 2.1**] (Schechter, 1909, p. 310)

Hierdie kan ook bewys word uit Joodse Tussen-Testamentiese geskifte soos die Makkabeërs, maar ons sal dit terwille van bondigheid verby laat gaan.

Die godsdiens leiers en Rabbi's van die eerste eeu het Simon Bar-Kokhba as Mashiag verklaar. Hy het sy lewe in moorddadige aanvalle en oorlog opgeofferde om Yisra'el van Romeinse heerskappy te red. Hier kon hulle 'n mense offer aanvaar, want dit het naby hulle eie selfsugtige begeertes gekom, maar die Een, wat Sy lewe in liefde en sagtheid gegee het, kon nie as offer aanvaar word nie aangesien dit nie ingepas het in hulle sienswyse van 'n nasionale verlosser wat 'n onafhanklike teokratiese monargie sou herstel, met hulle as priesters wat die koning van raadgewing bedien nie. Dit is daarom nou vals om te beweer dat geen mense offer aanvaarbaar is wanneer van Yeshua gepraat word nie, maar die offer van 'n vryheidsvegter wat die doel bevorder, word aanvaar

Dit is byvoorbeeld moreel korrek vir 'n volwassene om 'n plaasvervangings rol te neem:

- Deur die parkeerkaartjie vir iemand te betaal
- Deur iemand se persoonlike skuld te betaal
- Deur per ongeluk geslaan te word wanneer probeer word om 'n bakleiery op te breek
- Deur 'n hoogs aansteeklike dodelike siekte op te doen tydens die versorging van iemand wat besig is om daaraan dood te gaan.
- Deur te sterf voor 'n kar na 'n kind uit die pad gestoot is in veiligheid in.
- Deur getref te word deur 'n skerpskutter koeël terwyl die president beskerm word van geweervuur (bv. Geheime dienste agente)

Ons dink normaalweg nie aan hierdie gevalle van selfopoffering as immoreel nie. Inteendeel, ons, tipies, bring lof aan sulke dade. In die bogenoemde gevalle het ons 'n verskeidenheid grade van plaasvervanging met verskillende grade van sekerheid van wat gaan gebeur.

Yog 15:13 Daar is nie groter liefde as dit nie: dat iemand sy lewe sal neerlê ter wille van sy vriende.

Vanuit hierdie gedeelte kan ons dus bevestig dat daar geen verbod of wet teen 'n mense bloed vervangings offer in die Skrif is nie.

V. YESHUA AS HIERDIE MASHIAG

Ons gaan nou kyk na bewyse vir die saak of Yeshua hierdie Mashiag kan wees. Daar is baie profesieë in die Tanakh wat deur Yeshua vervul is en waarna ons later in hierdie hoofstuk sal kyk. Eerstens sal die hoofprobleme van die tyd van die Mashiag kortliks bespreek word.

A. DIE MASHIAG SAL OP 'N SPESIFIEKE TYD KOM

Ons sal eerste hierdie aanspreek, want verby hierdie een feit kan ons nie kom nie. Indien 'n vasgestelde, geprofeteerde tyd verbygegaan het en die Mashiag het nie verskyn nie, kan die profesie nie korrek wees nie en kan ook nie vervul word nie. Hierdie is belangrik en kan nie sommer eenkant geskuif word nie – indien die tyd verby is, beteken dit daar is geen Mashiag nie en sonder 'n tempel en offers, wat God verklaar het Hy nie begeer nie, is daar geen verlossing nie. Dit maak nie saak hoeveel alternatiewe die Rabbi's gee nie.

Die Woord van יהוה sê: "*Sekerlik doen יהוה -God niks tensy Hy Sy geheime raadsbesluit aan Sy diensknegte, die profete, openbaar het nie.*" (**Amos 3:7**). Dit beteken dat Hy ten minste twee keer in die Tanakh die tydsberekening van die koms van die Mashiag moes openbaar het. Die verskyning van die Mashiag was vasgemaak binne 'n vaste tyd.

- i. Daardie vaste tyd was terwyl die Tweede Tempel nog gestaan het
- ii. Die Mashiag moes van 'n spesifieke lyn gekom het, wat alleenlik deur die Tempel rekords geverifieer kon word.
- iii. Die Mashiag moes 'n gewelddadige dood sterf.

DANI'EL 9

'n Antieke Rabbiniese vloek in die Talmud verbied mense om **Dani'el 9:24-27** te lees. Hoekom? Hoekom probeer hulle dit wegsteek?

Rabbi Samuel b. Nachmani het die volgende te sê gehad:

'in the name (of) Rabbi Jonathan: 'Blasted be the bones of those who calculate the end.'
³Some of our Rabbis, in a further attempt to keep us from Daniel, even state that Daniel was wrong. Alfred Edersheim, a Talmudic scholar who would come to know Messiah said, 'later Rabbinism, which, naturally enough, could not find its way through the Messianic prophecies of the book, declared that even Daniel was mistaken'⁴

Rabbis after the time of Christ have pronounced a curse on anyone who would attempt to calculate the dates of this chapter. - **Talmud Sanhedrin 97b, Soncino ed., p. 659**

'n Ander geleerde het gesê:

"May the curse of heaven fall upon those who calculate the date of the advent of the Messiah, and thus create political and social unrest among the people."

Die 70-weke profesie, die grootste bewys van Yeshua as die Mashiag, word in hierdie verse gevind. Hulle voorspel die tydsberekening van die Mashiag se salwing en daarmee word die probleem sonder twyfel geplaas.

³ Sanford R. Howard, *L'Chayim: Finding The Light of Shalom* (Thorsby, AL: Sabbath House, Inc., 1999), p. 209. *Sanhedrin 97b*, vol. 2, p. 659, Soncino Press. Editorial footnote #6 says, 'i.e., Messiah's advent.'

⁴ Alfred Edersheim, *The Life and Times of Jesus The Messiah* (Peabody, MA: Hendrickson Publishers, 2000), p. 957. *Bereshith Rabba 98* (a midrash or commentary on Genesis). Edersheim lived from 1825 to 1889 C.E

Kom ons ontrafel die profesie deur Skrif toe te laat om sy eie uitlegger te wees:

Dan 9:25-27

:25 Weet daarom en verstaan dat vanaf die uitgang van die woord om Yerushalayim te herstel en op te bou tot by die koms van Die Gesalfde Een, die Koning, is sewentig keer sewe en twee en sestig keer sewe weke; die strate en die mure sal weer gebou word op die vasgestelde tye.

:26 Ná die twee en sestig tydperke van sewe weke sal Die Gesalfde Een doodgemaak word en die stad sal sonder 'n heerser wees en die afgesonderde stad sal saam met die komende koning vernietig word en die einde daarvan sal 'n reuse verbanning wees en aan die einde van die oorlog, word verlatenheid vasgestel.

:27 Hy sal die verbond met baie vir 'n tydperk van sewe en 'n halwe tydperk van sewe, bevestig; dan sal Hy die offers en geskenkoffers laat ophou en op die horings van die altaar, die verwerplike afgodery; die verwerplikheid sal aanhou tot met die vasgestelde tyd, die stad sal verlate bly.

Volgens die “Sewentig weke profesie van Dani’el” sou dit na 490 jaar vanaf 457 BC, die tyd van Artaxerxes se eerste opdrag om Yerushalayim as geregtelike en uitvoerende hoofstad tot die nasie te herstel, gebeur wanneer die “Mashiag, die Prins”, “Mashiag Nagid” Homself sal aanbied as Koning in Yerushalayim, die Gees uitgestort sal word soos in die Nuwe Verbond belowe en hulle wat dit aanvaar vervolg sou word.

DIE SEPTER GAAN WEG VANUIT Y’HUDAH

Nog 'n tyd-verwante profesie is die Profesie van Ya’akov oor die koms van Shiloh:

Gen 49:10 Die staf sal van Y’udah nie weggaan nie, nóg die wetgewer van tussen sy voete uit totdat die Een kom aan Wie die septer behoort; aan Hom sal die nasies gehoorsaam wees.

Die term “septer/staf” verwys na hulle stam identiteit en die reg om Mosheh se wette toe te pas en af te dwing asook om die doodstraf toe te pas: *jus gladii*. Dit is beduidend dat selfs tydens die 70 jaar in Babiloniese ballingskap (606-537 BC) die stamme hulle stam identiteite behou het. Hulle het hulle eie logistieke, regters, verenigings en gewoontes behou. (McDowell, 1979) (**Eze 1:5,8**)

Die term "Shiloh" is deur die vroeë rabbi's en Talmoediese outoriteite⁵ gesien as verwysend na die Mashiag. (Levey, 1976)

In 6-7 BC, is Koning Herodus se seun en opvolger, Herodus Archelaus, onttroon en verban na Wenen, 'n stad in Gaul. Archelaus was die tweede seun van Herodus die Grote (Josephus, Antiquities 17:13). Die oudste seun, Herodus Antipater, is saam met ander familieleden deur Herodus die Grote vermoor. (Daar is gespot in die tyd dat dit veiliger was om 'n hond in die huishouding te wees as 'n lid van die familie!) Archelaus se ma was 'n Samaritaan (1/4 of minder Joodse bloed) en is nooit aanvaar nie. Na die dood van Herodus (4 BC), is Archelaus deur Caesar Augustus oor Judea geplaas as Volksleier. Hy is oral verwerp en is verwyder in 6-7 AD.

Hy is vervang met 'n Romeinse prokurator, Caponius. Die wetlike mag van die Sanhedrin is dadelik ingekort en die beoordeling van hoof gevalle was verlore. Hierdie was normale Romeinse beleid in die

⁵ (Add MS 21160, 13th Century AD) (Add MS 26878 & Harley MS 5709, 14th Century AD) (Or. 4720, n.d.)

gebiede wat hulle beheer het totdat die gebied heeltemal Romaniseer. Hierdie oordrag van mag word in die Talmud en deur Josephus⁶ genoem. (Josephus, War of the Jews 2:8 & Or. 4720)

After the death of the procurator Festus, when Albinus was about to succeed him, the high priest Ananius considered it a favourable opportunity to assemble the Sanhedrin. He therefore caused James, the brother of Yeshua, who was called Mashiag, and several others, to appear before this hastily assembled council, and pronounced upon them the sentence of death by stoning. All the wise men and strict observers of the law who were at Jerusalem expressed their disapprobation of this act...Some even went to Albinus himself, who had departed to Alexandria, to bring this breach of the law under his observation, and to inform him that Aranius had acted illegally in assembling the Sanhedrin without the Roman authority. **(Josephus, Antiquities, 20:9)**

Hierdie merkwaardige gedeelte praat van Yeshua en Sy broer Ya'akov as historiese figure en onderstreep ook dat die outoriteit van die Sanhedrin reeds oorgegee is aan die Romeine.

Hierdie het tot 'n paniek-reaksie gevolg:

When the members of the Sanhedrin found themselves deprived of their right over life and death, they covered their heads with ashes and their bodies with sackcloth, and bemoaned, "Woe unto us for the sceptre has departed from Judah and the Mashiag has not come!" (LeMann, 1886)⁷

Hulle het eintlik gedink dat die Torah, die Woord van God, gefaal het! Hulle moes van beter geweet het.

Die septer/staf is inderdaad verwyder van Y'udah en Shiloh het gekom soos die profesie gesê het. Onderwyl die Jode in die strate van Yerushalayim gehuil het, het 'n jong seun van 'n skrynwerker in Nazareth groot geword. Hy sou Homself as die Mashiag Nagid, Mashiag die Koning voorstel op die presiese dag wat die engel Gavri'el aan Dani'el, vyf eeue vroeër, in **Daniel 9:24-27** voorspel het. Om die waarheid te sê elke detail van Sy lewe is eeue vroeër in die Tanakh voorspel.

ELIJAHU MOET EERS KOM

Die Joodse godsdiensteleiers van Yeshua se dag was bewus van die 'terugkeer van Eliyahu' profesie. Eenkeer het die rabbi's Yeshua se dissipels gevra om te verduidelik hoe dit moontlik kan wees dat Yeshua die Mashiag is terwyl dit voor die hand liggend was dat Eliyahu nog nie teruggekeer het nie.

Die apostels kon nie die vraag beantwoord nie en vra dus vir Yeshua:

Mat 17:10 "Sy studente volgeling vra Hom en sê: "Waarom sê die leraars van die wet dan dat Eliyahu eers moet kom?"

Yeshua antwoord deur eers te bevestig dat die vraag geldig is en dat hierdie profesie inderdaad waar is. Hy het gesê:

"Hulle is reg. Eliyahu moet kom en alles regkry..."

Maar toe, tot almal se verbasing, verduidelik, Yeshua:

"Om die waarheid te sê, hy, [Eliyahu] het reeds gekom, maar is nie herken nie en was sleg behandel deur baie Toe het die dissipels besef dat Hy van Yoganan die Doper praat."- **Mat 17:10-13, Mark 9:11-13 – geparafraseer**

⁶ Hierdie oordrag van mag is opgeskryf deur Josephus, War of the Jews 2:8 and in the Jerusalem Talmud, Sanhedrin, folio 24

⁷ Word ook in die Babylonian Talmud gekry, hoofstuk 4, folio 37

Dit is duidelik dat Yeshua geleer het dat hierdie ‘n geldige profesie was. Yeshua stem saam dat Eliyahu “moet terugkeer voor die Mashiag kom.” Dan beweer Yeshua dat Yoganan die Doper die vervulling van hierdie profesie was. Op watter manier kon Yoganan die Doper die ‘terugkeer van Eliyahu’ wees? Seer sekerlik nie letterlik nie. Hierdie oënskynlike weerspreking kan opgelos word deur ‘n verklaring gemaak by die begin van die Evangelie van Luka, waar verduidelik word dat:

Luke 1:17a en hy (Yoganan) sal voor Hom uitgaan in die gees en die krag van Eliyahu, die profeet,

Die detail van hierdie feite saam bied van die sterkste bewyse dat Mashiag alreeds gekom het, aan. Indien jou Mashiag nie voor die vernietiging van die Tempel gekom het soos geprofeteer is nie, is hy ‘n vals Mashiag of jy het nie een nie.

B. PROFESIEË VERVULD

Ons gaan nou al die profesieë wat na ‘n Mashiag verwys bestudeer en definieer wat Sy karakter en omstandighede van Sy koms sal wees. Onderwyl dit waar is dat enige **EEN** van hierdie deur enige persoon vervul kan word, die kans dat **ALMAL** van hulle vervul word deur een persoon 1×10^{52} of meer is. Hieronder is ‘n paar voorbeelde van die profesieë deur Yeshua vervul:

Skrifte wat die koms van Mashiag beskryf		
Die Mashiag Profesie	Tanakh Rekord	Nuwe Verbond Rekord
Die Mashiag sal op ‘n spesifieke tyd kom	Dan 9:25-26	Gal 4:4
Voor uitgegaan deur ‘n voorloper	Yes 40:3; Mal 3:1	Mat 3:3; 11:10; Mark 1:2,3; Luk 1:76; 3:4; 7:27
Die Mashiag sal die nageslag van ‘n vrou wees (Eva)	Gen 3:1 5	Gal 3:17; Luk 2:6,7
Die Mashiag sal ‘n afstammeling van Abraham wees	Gen 12:3; 22:18	Mat 1:1; Hand 3:25,26; Gal 3:8,16
Deur Avraham sal almal op die aarde geseënd wees	Gen 18:18; 22:18; 26:4	Gal 3:8; Heb 6:14
Saad van Yitz’gak	Gen 17:19; 21:12	Rom 9:7; Heb 11:18
Saad van Ya’akov	Num 24:17	Luk 3:23,34
Die Mashiag sal ‘n afstammeling van Y’hudah wees	Gen 49:10	Mat 1:2; Luk 3:33; Heb 7:14; Open 5:5
Die Mashiag sal ‘n afstammeling van Dawid wees	Ps 132:11; Yir 23:5,6; 33:15,16	Luk 1:32,33
Die Mashiag sal gebore word uit ‘n maagd	Yes 7:14	Mat 1:18-25; Luk 1:26-35

Die Mashiag sal 'n profeet soos Mosheh wees	Deut 18:15-19	Hand 3:22,231
Die Mashiag sal die Seun van God wees	Ps 2:7	Mat 3:17; Mark 1:11; Luk 3:22
Die Mashiag sal in Bethlehem gebore word	Mik 5:1,2	Mat 2:1; Luk 2:4-7
Groot konings sal eer betoon aan die Mashiag	Ps 72:10,11	Mat 2:1-11
Die eerste geestelike werk van die Mashiag sal in die Galil wees	Yes 9:1-7	Mat 4:12-16
Die Mashiag sal deur vals getuienis aangekla word	Yes 53:7; Ps 35:11	Mat 26:59-63; Mark 14:56,57
Die Mashiag sal sonder rede gehaat/verag word	Yes 53; Ps 35:19; 69:4,5	Yog 15:23-25
Die Mashiag sal die blindes laat sien en die dowes laat hoor ens.	Yes 35:5-6	Mat 11:3-6; Yog 11:47
Die Mashiag sal met outoriteit die Tempel binnegaan	Mal 3:1	Mat 21:12; Luk 19:45
Die Mashiag sal Yerushalayim inkom op die rug van 'n donkie	Z'kh 9:9	Mat 21:1-11; Yog 12:15
Die Mashiag sal vir 30 stukke silwer verkoop word	Z'kh 11:12,13	Mat 26:15; Mat 27:3-10; Hand 1:18,19
Die Mashiag sal deur Sy dissipels verlaat word	Z'kh 13:7	Mat 26:31,56
Die Mashiag sal deur 'n vriend verraai word	Ps 41:9	Yog 13:18,21
Geld koop die potterbakkersgrond	Z'kh 11:12-13	Mat 27:9
Die Mashiag sal doodgemaak word	Yes 53:5-9	Mat 27:50; Mar 15:37-39; Luk 23:46; Yog 19:30
Die Mashiag sal geslaan, gespot en op gespoeg word	Yes 50:6	Mat 26:67; 27:26-31

Die Mashiag sal deur hande en voete deurboor word	Ps 22:16	Luk 23:33,24:36-39; Yog 19:18,20:19-20,24-27
Die bene van die Mashiag sal nie gebreek word nie	Ps 22:17 en 34:20	Yog 19:31-33,36
Mans sal dobbel vir die kleed van die Mashiag	Ps 22:18	Mat 27:35; Mar 15:24; Luk 23:34; Yog 19:23,24
Die Mashiag sal asyn en gal kry om te drink	Ps 69:21	Mat 27:34; Mark 15:23; Yog 19:29,30
Die Mashiag sal uit die dood opgewek word	Ps 16:10,11	Mat 28:5-9; Mar 16:6; Luk 24:4-7; Yog 20:11-16; Hand 1:3,2:32
Die Mashiag sal opvaar na die hemel en sit aan die regterhand van God	Ps 110:1	Luk 24:51; Hand 1:9; 2:33-35; 3:20-21; 5:31,32; 7:55-56; Rom. 8:34; Efe. 1:20,21; Kol. 3:1; Heb. 1:3; 8:1; 10:12; 12:2; 1 Kef 3:22
Die Mashiag is 'n "steen deur die bouers verwerp" wat die "hoof hoeksteen" sal word	Ps 118:22,23; Yes 28:16	Mat 21:42,43; Hand 4:11; Efe. 2:20; 1 Kefa 2:6-8
Mense sal hoor en nie die "arm van Yahuah" glo nie	Yes 53:1	Yog 12:37,38
Die Mashiag sal verwerp word	Yes 53:3	Mat 27:20-25; Mar 15:8-14; Luk 23:18-23; Yog 19:14,15
Die Mashiag sal stil wees voor Sy aanklaers	Yes 53:7	Mat 26:62,63 en 27:12-14
Die Mashiag sal gekruisig word saam met boewe	Yes 53:12	Mat 27:38; Mar 15:27; Luk 23:32,33
Die Mashiag sal begrawe word saam met die rykes	Yes 53:9	Mat 27:59,60; Mar 15:46; Luk 23:52,53; Yog 19:38-42
Die Mashiag is deel van die nuwe en ewige verbond	Yes 55:3-4; Yir 31:31-34	Mat 26:28; Mar 14:24; Luk 22:20; Heb. 8:6-13
Die Mashiag sal ons Tussenganger wees	Yes 59:16	Heb 9:15

Die “Evangelie volgens Yes”	Yes 52:13-53:12	Mat, Mark, Luk, Yog
Hy is ons Offer	Yes 53:5-6	1 Kefa 2:24-25
Koning van Yisra’el	Z’kh 9:9	Yog 12:13
‘n Hemelse Hoëpriester	Z’kh 6:12-13	Heb 4:4; 8:1-2
Aarde gevul met die kennis van die heerlijkheid van Yahuah	Hab 2:14	Rom 11:26; Open 21:23-26
Belofte van die Gees	Yo’el 2:28-32	Hand 2:17-21; Rom 10:13

Indien jy nie verstaan hoe die profesieë werk nie – verwys asseblief na die inleidende hoofstuk, spesifiek die paragrawe oor die beginsel van “na die gebeurtenis.”

Ek kan nie verstaan hoe ‘n getuienis soos hierdie geïgnoreer kan word nie – Yeshua is die Mashiag en daar kan geen ander wees nie.

Die Jode het Yeshua verwerp, want Hy het, in hulle oë, gefaal om te doen wat **hulle** verwag het hulle Mashiag moet doen. Hulle het verwag dat hy die bese, soos deur hulle gedefinieer, en al **hulle** vyande sou vernietig en ‘n ewige koninkryk sal vestig met Israel as die **toonaangewende nasie** in die wêreld. Die profesieë in Yesh’yahu en Psalm 22 beskryf ‘n lydende Mashiag wat vervolg sal word en doodgemaak sal word, maar die Jode kies om eerder te fokus op daardie profesieë wat Sy geprysde oorwinnings bespreek en nie Sy kruisiging nie. Israel het ‘n Mashiag verwag vir hulle eie verhoging en verlossing en nie God se Mashiag vir die herstel van Sy Koninkryk en die mensdom nie.

VI. DIE VERWERPING VAN YESHUA EN DIE KOMS VAN JUDAÏSME OM DIE NUWE VERBOND TE VERVANG

Nou keer ons na die nadraai van die verwoesting van die Tempel en die koms van Judaïsme as vervanging van God se plan.

Deur die verwerping van Yeshua en die verduur van die daaropvolgende verwoesting van die Tempel in 70 AD, het Judaïsme 'n ernstige dilemma in die gesig gestaar: die Torah, en al die verwante praktyke, het beklemtoon dat “sonder die vergieting van bloed is daar geen vergifnis vir sonde nie.” Hoe kon daar nou 'n voortgaande offer van voorgeskrewe offers wees sonder 'n altaar of 'n Tempel?

Hierdie, en ander verwante probleme, het die Raad van Jamnia in 90 AD, tot gevolg gehad, wat begin het om Judaïsme te herdefinieer en gelei het tot die formulering van die Talmud (3de – 6de eeu) en wat bekend staan as die Geoniese Tydperk (7de – 11de eeu).

‘Ons kan nie meer voldoen aan die wet nie, dus verander ons die wet’, was wat die Jode blyk te sê. Hulle het God se Mashiag verwerp en poog, soos hulle vroeër gedoen het met Sy wette, om 'n godsdienst te skep om God se wil te vervang. Nuwe maniere om versoening te verkry, is gevind om die offers te vervang. Soos met alle teologie en mensgemaakte leringe, is hierdie geregverdig deur die betekenis van Skrif en interpretasies te verander om in die nuwe lering te pas.

A. WAT MOET NOU MET YESHUA GEDOEN WORD?

Seer sekerlik kan die getuienis oor Hom en Sy goeie werk nie net sommer eenkant gegooi word nie? Dit is presies wat Judaïsme soek om te doen, ten spyte van die bewyse van die lewe van Yeshua. In plaas daarvan om die onweerlegbare te probeer weerlê, Sy dade soos geprofeteer, val hulle Sy karakter aan deur leuens oor Yeshua te versprei en Sy woorde te verdraai. Geen van hulle kritiek kan egter water hou teen die oorweldigende geskiedkundige bewyse van nie-Bybelse (bv. nie godsdienstige) bronne, asook Bybelse bewyse, geskryf lank voor Sy geboorte, dat Hy geleef en geleer het presies soos die Nuwe Verbond geskryfte leer nie:

1. Yeshua, as Mashiag, het meer as 52 direkte profesieë van die Tanakh vervul en het belowe om al die ander te vervul wanneer die tyd reg is wanneer Hy terugkeer.
2. Yeshua as Mashiag wat op 'n sekere tyd in die Geskiedenis belowe is, het op die regte tyd gekom, soos gesien in die vorige hoofstuk.
3. Daar is baie sekulêre Geskiedkundiges wat in die eeu na die dood van Yeshua, die Mashiag, geleef het wat bevestig dat hy bestaan het. Hierdie plaas Yeshua en Sy bediening presies in die historiese rekord, iets waarvoor nie gestry kan word deur teologie nie.

Ons gaan nou na van hierdie nie-Bybelse, historiese bronne wat bewys dat Yeshua 'n leraar in Judea was, kyk; asook na sommige detail in die Nuwe Verbond geskryfte:

JOSEPHUS

Titus Flavius Josephus (37 – c.100 AD), 'n Joodse Geskiedkundige (en, terloops, deel van die Zealot beweging, hy het dus geen rede gehad om Yeshua te prys nie,) wat nie in Yeshua as die Seun van God geglo het nie, het die volgende oor Yeshua te sê:

Now, there was about this time Jesus, a wise man, if it be lawful to call him a man, for he was a doer of wonderful works—a teacher of such men as receive the truth with pleasure. (**Josephus, Antiquities 18:3, par. 3**)

TACITUS

Cornelius Tacitus was 'n wel-bekende Romeinse Geskiedkundige (55-120 AD). In boek 15, hoofstuk 44 van sy *Annals* skryf hy:

Christus, the founder of the name [Christianity], had undergone the death penalty in the reign of Tiberius, by sentence of the procurator Pontius Pilatus, and the pernicious superstition was checked for a moment, only to break out once more, not merely in Judaea, the home of the disease, but in the capital itself, where all things horrible or shameful in the world collect and find a vogue. (**Tacitus, Annals 15:44**)

Al is dit duidelik dat hy Christendom verag, bevestig Tacitus hier dat, vir hom as 'n Romein, was Yeshua bekend as 'n werklike persoon, wie se boodskap deur die hele Ryk versprei het, beginnende in Judea en tot in Rome. Hierdie gedeelte bevestig ook 'n verskeidenheid klein detailtjies in die NV, soos byvoorbeeld die naam van Pontius Pilatus, die tyd waarin Yeshua geleef het (regering van Tiberias); asook die bevestiging dat die Geloof versprei het, soos duidelik uit die NV briewe, selfs na Rome toe, waar die gelowiges gewoonlik gevange gehou is (selfs Sha'ul was gevange in Rome vir ten minste twee keer).

PLINY DIE JONGER

Gaius Plinius Caecilius Secundus, (61 AD – ca. 112 AD), beter bekend as Pliny die Jonger, was 'n prokureur, skrywer, magistraat van Antieke Rome; asook die goewerneur van die Romeinse provinsies van Bithynia & Pontus, in moderne Turkye. Hy het baie briewe, waarin hy sy werk in fyner besonderhede beskryf het, aan Trajan geskryf. Tussen hierdie is 'n brief (nommer 96) waarin hy sy aksies teen die Christene in sy provinsie presies neerskryf:

In the meanwhile, the method I have observed towards those who have denounced to me as Christians is this: I interrogated them whether they were Christians; if they confessed it I repeated the question twice again, adding the threat of capital punishment... Those who denied that they were or had been Christians and called upon the gods in the usual formula, reciting the words after me, those who offered incense and wine before your image, which I had given orders to be brought forward for this purpose, together with the statues of the deities - all such I considered should be discharged, especially as they cursed the name of Christ, which, it is said, those who are really Christians cannot be induced to do. (**Pliny the Younger, Epistulae 96**)

Hierdie brief plaas ook sommige van die waarskuwings van Sha'ul aan die kerke in Asië in perspektief; asook 'n onderstreping van hoe sentraal Yeshua (die "Christus" / Mashiag) vir die ware gelowiges was.

LUCIAN

Lucian of Samosata (Gebore 115 AD) was 'n baie bekende Griekse satirikus en 'n reisende lektor. Hy het oor Christene en Yeshua geskryf in sy satiriese werk, *The Death of Peregrine*:

In some of the Asiatic cities, too, the Christian communities put themselves to the expense of sending deputations, with offers of sympathy, assistance, and legal advice. The activity of these people, in dealing with any matter that affects their community, is something extraordinary; they spare no trouble, no expense. Peregrine, all this time, was making quite an income on the strength of his bondage; money came pouring in. You see, these misguided creatures start with the general conviction that they are immortal for all time, which explains the contempt of death and voluntary self-devotion which are so common among them; and then it was impressed on them by their original lawgiver that they are all brothers, from the moment that they are converted, and deny the gods of Greece, and worship the crucified sage, and live after his laws. All this they take quite on trust, with the result that they despise all worldly goods alike, regarding them merely as common property. Now an adroit, unscrupulous fellow, who has seen the world, has only to get among these simple souls, and his fortune is pretty soon made; he plays with them. (**Lucian of Samosata, The Death of Peregrine, par.13**)

Hierdie aanhaling, onderwyl dit 'n deeglike spottery met vroeë Christene se totale belaglikheid is, bewys ook verskeie details vanuit die Nuwe Verbond. Eerstens bevestig dit die omgee, behulpsame en gemeenskap-gesindheid van die vroeë kerk soos ook beskryf in Handeling. Christene was broers, wat geleef het tot die gemeenskaplike beste vir die gemeenskap en ook geleef het in die lewenswyse van Yeshua. Hierdie is verder deur Lucian geïllustreer deur die noem van hoe hulle “live after” die wette van die “crucified sage”, wat verwys na Yeshua.

KERK VADERS HAAL SEKULÊRE GESKIEDKUNDIGES AAN

Ons gaan nou kyk na sommige van die sekulêre geskifte wat aangehaal word deur die vroeë kerk vaders en Christen apologete. Hulle haal gewoonlik aan vanuit geskifte wat deeglik bevestig is in ander manuskripte, maar waarvan die oorspronklike verlore gegaan het.

Julius Africanus

Julius Africanus, 'n 3de eeuse Christen skrywer, haal in sy kronieke die geskifte van **Tallus** en **Phlegon** (wat eerste eeuse nie-Christen Geskiedkundige was) aan:

This darkness Thallus, in the third book of his History, calls, as appears to me without reason, an eclipse of the sun. For the Hebrews celebrate the Passover on the 14th day according to the moon, and the passion of our Saviour falls on the day before the Passover; but an eclipse of the sun takes place only when the moon comes under the sun. And it cannot happen at any other time but in the interval between the first day of the new moon and the last of the old, that is, at their junction: how then should an eclipse be supposed to happen when the moon is almost diametrically opposite the sun? Let that opinion pass however; let it carry the majority with it; and let this portent of the world be deemed an eclipse of the sun, like others a portent only to the eye. Phlegon records that, in the time of Tiberius Cæsar, at full moon, there was a full eclipse of the sun from the sixth hour to the ninth—manifestly that one of which we speak. But what has an eclipse in common with an earthquake, the rending rocks, and the resurrection of the dead, and so great a perturbation throughout the universe?

(Julius Africanus, Chronography Fragment 18)

Vanuit hierdie kan ons sien dat sekulêre geleerdes bewys was van die bonatuurlike verskynsel rondom die dood van Yeshua wat in die Evangelies opgeteken is. 'n Interessante feit is ook die bevestiging van Yeshua se Pesag-kruisiging, al is dit dat hy die tyd verkeerd het.

Origen

Origen (184-253 AD) was een van die mees produktiewe Kerk Vaders en het 'n reeks debatte gehou met ander geleerdes van die tyd om die Nuwe Verbond teen die Oue te bewys en om Yeshua as die Mashiach van die Ou Verbond te. Hy was, ongelukkig, ook 'n Neoplatonisme en het baie van die filosofiese neigings van die moderne Christendom voorgestel. In een van sy briewe, geskryf in antwoord op aanvalle van 'n ander geleerde van die tyd, Celsus, op die Christendom gebruik hy Phlegon, 'n vry-man van keiser Hadrian, as 'n bron om te wys dat Yeshua geweet het wat gaan gebeur:

However, Phlegon in the thirteenth or fourteenth book, I think, of his Chronicle even grants to Christ foreknowledge of certain future events, although he was muddled and said that some things which really happened to Peter happened to Jesus; and he testified that it turned out in accordance with what Jesus had said. But even he by his remarks about foreknowledge unintentionally, as it were, affirmed that the word of the authors of our doctrines was not lacking in divine power.

(Origen, Contra Celsum, Book II, par. 14)

‘n Ander interessante verklaring wat Origen gemaak het, kan by hierdie studie bygevoeg word:

Supposing also that *Jesus kept all the Jewish customs, and even took part in their sacrifices*⁸, why does this lend support to the view that *we ought not to believe in him as Son of God?* Jesus is Son of the God who gave the law and the prophets; and we of the church do not leave this out. But, while we have avoided the mythologies of the Jews, yet we are made wise and are educated by mystical contemplation of the law and the prophets. The prophets also do not limit the meaning of their sayings to the obvious history and to the text and letter of the law. For in one place, when about to recount supposed history, they say: 'I will open my mouth in parables, I will utter dark sayings of old. And in another place, when praying about the law because it is obscure and in need of God to make it intelligible, they say in prayer: 'Open my eyes, and I will understand thy wonders out of thy law.

(Origen, Contra Celsum, Book II, par. 6)

Hierdie, nogal interessante paragraaf, bewys dat, volgens die prominente kerkleier van die tyd, Yeshua en die wet onder geen omstandighede eksklusief is nie en dat die bestudering en beoefening van die wet van God iets was wat die kerk van die tyd (laat tweede, vroeg derde eeu AD) steeds nagevolg en onderhou het. Origen gebruik hierdie feit om Celsus verkeerd te bewys in sy argument dat Yeshua, in dat Hy die wet hou, nie God se seun kan wees nie.

B. WAT VAN DIE NUWE VERBOND GESKRIFTE (NVG)?

Jode en teenstanders verdraai en verander hulle en hou valse leringe voor as die standaard. Hierdie word deur drie ‘probleme’ veroorsaak: Die getuienis en dade van die Kerk, ‘n misverstaan van Sha’ul se leringe en die Talmoediese leuens oor Yeshua.

DIE GETUIENIS VAN DIE KERK

Die eerste probleem is dat mense na leringe van die moderne, Rooms-Katoliek-geïnspireerde, kerk kyk en die verwar met die leringe van die NVg:

1. Die NVg leer Een God, soos die Tanakh doen en nie ‘n Drie-enige God nie.
2. Die NVg onderhou die wet van God, soos die Tanakh doen en leer nie dat Yeshua die wet vervang het nie.
3. Die NVg leer dieselfde standaarde vir lewe en persoonlike gesindhede as die Tanakh.
4. Die NVg is ‘n progressiewe openbaring van al die profesieë en beloftes van die Tanakh en kanselleer hulle nie. Deur die Gees van God kan ons die progressiewe treë van die verbond met die mensdom sien soos wat ons vorentoe beweeg in die groter openbaring van die profesieë.

Meeste Jode vandag sien, verkeerdelik, die laaste 2,000 jaar van historiese Joodse vervolging as aan die hand van die sogenaamde “Christene”. Vanaf die Kruisvaarders, tot die Inkwisisie, tot die pogroms in Europa, tot Hitler se Holocaust – het Jode bo als geglo dat hulle verantwoordelik gehou word vir die dood van Yeshua Mashiag en daarom vervolgd word. Hulle verwerp Hom daarom vandag.

MISVERSTAAN VAN SHA’UL SE LERINGE

Die tweede probleem is die misverstaan van Sha’ul se leringe. Hulle sê dat hy leer dat daar weggedoen is met die wet. Kom ons kyk of dit waar is.

Sha’ul, ‘n intellektuele, moes, na sy bekering, weggaan na Arabië om, wat vir hom moes lyk na die rewolusionêre implikasies van die Nuwe Verbond, te gaan uitsorteer en verwerk. Hy het eers na drie jaar teruggekom na Yerushalayim toe om dit met Kefa (**Gal 1:15-18**) te bespreek. As ‘n kundige op die wetlike

⁸ In die oorspronklike merk die Italics waar Origen Celsus se argumente aanhaal

aspekte het God aan hom die taak gegee om in sy Briewe dit alles aan die hele wêreld te verduidelik, spesifiek dan ook in die Brief aan die Romeine.

In hierdie brief wys hy dan ook eerstens uit dat almal gesondig het en kortkom aan God se vereistes onder die Wet (**Rom 3:1-20**), maar deur God se onverdiende guns word onpartydige opregtheid gegee aan die bekeerlinge op grond van hulle vertrou (b) (**Rom 3:21-4:25**). Ons glo dat ons van die doodsvonnis gered is, wat deur die Wet vereis word, omdat Yeshua vir ons gesterf het. Hierdeur het Hy 'n einde gemaak aan die wetlike gevolge van sonde vir hulle wat vertrou in Sy offer (**Rom 5:1-6:23**). Ons word dan vrygemaak van ons kettings van ons vleeslike begeertes, deur die hulp van die Afgesonderde Gees binne-in ons (**Rom 7 & 8**). Hierdie alles gebeur deur die onverdiende guns van God, want Hy weet en ons erken, dat ons nie in staat is deur ons eie hulpelose pogings om die Wet te hou nie. Daarom dat Sha'ul sê: "*want dit is as gevolg van Sy onverdiende guns dat ons deur die vertrou gered is*" (**Efe. 2:8**).

Onder die Nuwe Verbond is kinders van God in staat gestel om die Wet te gehoorsaam, want die Afgesonderde Gees gee hulle die begeerte om dit te doen. Daar is geen vraag of daar weggedoen is met die Wet nie; intendeel, dit is onderhou. Natuurlik is wedergebore kinders van God nie sonder sonde nie, maar nou "*as iemand sondig, is daar vir ons by die Vader die Loskoper vanuit die vloek, Yeshua, Die Gesalfde Een, die Onskuldige, want Hy is die Vryspraak en Toedekking vir ons sondes en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.*" (**1 Yog 2:1,2**).

Joseph Klausner, 'n Joodse geleerde het die volgende gesê:

"There is nothing in the teaching of Paul, not even the most mystical elements in it, that did not come to him from **authentic** Judaism."⁹

Histories het die breuk tussen Judaïsme en die volgelingen van die Mashiach voor Sha'ul se nuwe oortuiging gebeur. Stefanus se dood is die getuigenis van hierdie feit. Die breuk het nie gekom as gevolg van enige dissipel of sy leringe nie, maar die bewering van Yeshua dat Hy die Mashiach is.

Nou gaan ons kyk na hoe wat in die Tanakh geskryf is en wat Yeshua gesê het en wat Sha'ul skryf vergelyk. Net 'n paar voorbeelde.

⁹ Uit *Jesus to Paul* deur Joseph Klausner, vertaal vanna uit Hebreus deur William F. Stinespring.

	Tanakh	Yeshua	Sha'ul
Die Wet	<p>Ps 119:97 Hoe lief het ek U wet, dit is die hele dag lank my oordenking.</p> <p>Yes 42:21 Dit het יהוה behaag ter wille van Sy onpartydige opregtheid om die wet groot, eerbaar en lofwaardig te maak. Deut 4:2; 12:32; Spr 30:6</p>	<p>Mat 5:17 Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet of die Profete te ontrafel nie. Ek het nie gekom om te ontrafel nie, maar om volledig uit te lê,</p>	<p>Rom 7:12 Die geskrewe wet is daarom afgesonderd en die opdragte is afgesonderd, regverdig en goed.</p> <p>1 Tim 1:8 Ons weet dat die geskrewe wet goed is as iemand toelaat om volgens die geskrewe wet gelei te word.</p>
Die doel van die Wet	<p>Ps 119:105 U boodskap is 'n lamp vir my voet en 'n lig op my pad.</p>	<p>Yog 5:39 Ondersoek die Skrifte, want in hulle het julle 'n versekerde verwagting dat julle die ewige lewe het en hulle getuig van My,</p>	<p>Gal 3:24 Die geskrewe wet was dus vir ons 'n gids na Die Gesalfde Een toe sodat ons onskuldig verklaar kan word deur vertrouwe,</p>
Die plek en rol van die Wet	<p>Yir 31:31 Let op, daar kom dae,” verklaar יהוה, “wanneer Ek met die huis van Yisra'el en die huis van Y'udah 'n nuwe verbond sal sluit, 33 Hierdie is egter die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van Yisra'el sal sluit,” verklaar יהוה: “Ek sal My wet binne-in hulle sit en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees..</p>	<p>Luk 16:16 Die wet en die profete is tot by Yoganan; van toe af word die goeie boodskap van die Koninkryk van God aangekondig en elkeen druk om in te gaan, 17 maar dit is makliker vir die hemel en die aarde om verby te gaan as dat een strepie van 'n letter van die wet sou wegval.</p> <p>Mat 5:18 want dit is waar wat Ek vir julle sê: ‘Totdat die hemel en die aarde verby sal gaan, sal nie een ‘yud’ of een ‘strepie’ van die wet verbygaan voordat dit alles klaar gebeur het nie.’</p>	<p>Gal 3:11 Dat 'n mens nie deur die geskrewe wet by God onskuldig verklaar word nie, is duidelik, want dit is geskrywe: “Die onskuldige sal deur vertrouwe leef,” 12 maar die geskrewe wet was nie vanuit vertrouwe nie, maar wie ook al dié dinge doen wat daarin geskrywe is, sal daarin lewe.” Lev 18:5</p> <p>Sha'ul is duidelik: Niemand word deur die wet gered nie, maar leer dat jy moet leef volgens die wet. Redding is nie die doel van die wet nie.</p>

Daar is geen verskil tussen die boodskappe in enige deel van die Skrif nie.

TALMOEDIESE LEUENS

Die derde probleem is dat die Joodse leiers leuens versprei het oor die NVg en oor Yeshua.

Sanhedrin 106a verklaar Yeshua se moeder as hoer: "She who was the descendant of princes and governors played the harlot with carpenters." Ook in die voetnota #2 tot **Shabbath 104b** van die Soncino uitgawe, word verklaar dat in die 'ongesensorde' teks van die Talmud is geskryf dat Yeshua se moeder, "Miriam the hairdresser," met baie mans geslaap het.

'n Ander gedeelte uit **Sanhedrin 106** spog oor die vroeë ouderdom waarop Yeshua dood is:

"Hast thou heard how old Balaam (Yeshua) was? He replied: It is not actually stated but since it is written, Bloody and deceitful men shall not live out half their days it follows that he was thirty-three or thirty-four years old."

Onderwyl apologete wat die Talmud voorstaan, ontken dat dit enige afbrekende verwysings na Yeshua, die Mashiag bevat, erken sekere Ortodokse Joodse organisasies dat die Talmud nie alleenlik Yeshua noem nie, maar Hom afkraak as 'n towenaar en 'n mal seksuele afwyking. Op die webwerf van die Ortodokse Joodse Hasidiese Lubavitsh groep in Amerika vind ons byvoorbeeld die volgende stelling, volledig met Talmoediese aanhalings:

The Talmud (Babylonian edition) records other sins of 'Jesus the Nazarene':

He and his disciples practiced sorcery and black magic, led Jews astray into idolatry, and were sponsored by foreign, gentile powers for the purpose of subverting Jewish worship (**Sanhedrin 43a**).

He was sexually immoral, worshipped statues of stone (a brick is mentioned), was cut off from the Jewish people for his wickedness, and refused to repent (**Sanhedrin 107b; Sotah 47a**).

He learned witchcraft in Egypt and, to perform miracles, used procedures that involved cutting his flesh, which is also explicitly banned in the Bible (**Shabbos 104b**).

(<https://www.noahide.com/yesu.htm>)

Wat interessant is, is dat die Jode vir Judaïsme se webwerf probeer om hierdie beskuldigings teen die Talmud te weerlê deur te sê dat hulle deur Christene gemaak is wat nie die Talmud verstaan nie. Hulle artikel: "Jesus in the Talmud", bied skynbare oortuigende bewyse tot hierdie gevolg. Dit word egter heelwat minder oortuigend as onthou word dat die oorspronklike teks hierbo aangehaal is vanaf 'n **Joods-Hasidiese** webwerf en dat hierdie "beskuldigings" verklarings is wat deur Jode, met 'n Joodse begrip van die Talmud, gemaak is.

Hieronder is ander gedeeltes in die Talmud wat van Yeshua of Christene praat:

- **Gittin 57a.** Sê Yeshua is in die hel en word in "hot excrement" gekook.
- **Sanhedrin 43a.** Sê Yeshua ("Yeshu" en in Soncino voetnota #6, Yeshu "the Nazarene") is tereggestel omdat Hy towery beoefen het: "It is taught that on the eve of Passover Yeshua was hung, and forty days before this the proclamation was made: Yeshua is to be stoned to death because he has practiced sorcery and has lured the people to idolatry...He was an enticer and of such thou shalt not pity or condone."
- **Rosh Hashanah 17a.** Christene (minnim) en ander wat die Talmud verwerp sal hel toe gaan en daar vir geslagte vorentoe gestraf word.
- **Sanhedrin 90a.** Hulle wat die Nuwe Testament boeke ("uncanonical books") lees, sal geen deel hê aan die wêreld wat kom nie.
- **Shabbath 116a.** Jode moet die boeke van die Christene vernietig, dit is Die Nuwe Testament.

Hierdie laaste punt is deur Dr. Israel Shahak van die Hebrew University uitgewys in sy boek: Jewish History, Jewish Religion: The Weight of Three Thousand Years. Op Maart 23, 1980, in die besette Palestina, het die Israeli's honderde Nuwe Testament Bybels verbrand in 'n poging om die groei van Christendom te keer. (Shahak, 1997, p. 21)

Op hierdie manier word die Jode geterroriseer deur hulle leiers om verweg te bly van enige iets Christen, veral die Nuwe Verbond geskrifte.

VII. JUDAÏSME SE AANSPRAAK OP DIE GEESTELIKE OUTORITEIT OOR DIE GELOOF

Wat dan nou van die Jode en Judaïsme? Het ons as kinders van God nie 'n geestelike skuld teenoor die rabbi's en hulle wat soek om die Verbond van God lewend te hou nie? Is daar nie enige waarde in om van hulle te leer nie, selfs al sal hulle probeer om die Ou Verbond lewend te hou?

Nee. Yeshua het die volgende te sê gehad oor die Fariseërs, die vaders van die moderne Rabbiniese Judaïsme:

Mat 15:12-14

:12 Toe kom Sy studentevolginge nader en sê vir Hom: “Weet U dat die Fariseërs, wat hierdie gehoor het, aanstoot geneem het?”

:13 Hy antwoord egter en sê vir hulle: “Elke plant wat My Vader wat in die hemel is nie geplant het nie, sal vernietig word.

:14 Laat hulle staan; hulle is blinde gidse van die blindes, maar as 'n blinde 'n ander blinde lei, sal altwee in die sloot val.”

Sal ons dan Yeshua se woord ter harte neem en hulle “uitlos?”

Vir meer detail informasie oor hoekom ons as kinders van God nie die Rabbiniese leringe kan/mag volg nie, verwys ek enige persoon wat 'n ernstige begeerte na die waarheid het, om te gaan na die leringe 'link' van Johan Kriel van Nuweliedbediening: **Email:** kontak@nuwelied.info

Wie Is Jou Rabbi?: <http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2015/10/Okt15Leermeester.pdf>

Saamgestel deur Gerrie C Coetzee

gerrie@padwlewe.ch

VIII. BRONLYS

Alle Skrif is geneem uit *Die Pad van Waarheid tot die Lewe Afrikaans Bybel* vertaling

Add MS 21160, 13th Century AD. *Targum Pseudo-Jonathan/Targum Yerushalmi*. s.l.:British Musuem.

Add MS 26878 & Harley MS 5709, 14th Century AD. *Targum Onkelos*. s.l.:British Library.

Africanus, J., 1886. Chronology, Fragment 18. In: A. Roberts, J. Donaldson & A. Cleveland, eds. *Ante-Nicene Fathers*. Buffalo: Christian Literature Publishing Co..

Anon., 1998. *Messianic Prophecies*. [Online]

Available at: [view-source:http://www.clarifyingchristianity.com/m_prophecies.shtml](http://www.clarifyingchristianity.com/m_prophecies.shtml)

Charlesworth, J. et al., 2000. *Discoveries in the Judaean Desert (XXXVIII): Miscellaneous Texts from the Judaean Desert*. s.l.:Clarendon Press.

Coetzee, G., 2018. *God van die Verbond, 3rd Edition*. 3rd ed. Pretoria: PWL.

Collins, J. J., 1995. *The Scepter and the Star*. First ed. s.l.:Anchor Bible.

Dumbrell, W., 2002. *Faith of Israel: A Theological Survey of the Old Testament*. 2nd ed. New York: BakerAcademic.

Fitzmyer, J. A., 2007. *The One Who Is To Come*. Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans Publishing.

Josephus, F., 1737. Antiquities of the Jews. In: *The Genuine Works of Flavius Josephus the Jewish Historian*. London: s.n.

Josephus, F., 1737. War of the Jews. In: *The Genuine Works of Flavius Josephus the Jewish Historian*. London: s.n.

LeMann, A., 1886. *Jesus Before the Sanhedrin*. Nashville: Southern Methodist Publishing House.

Levey, S. H., 1976. *The Messiah: An Aramaic Interpretation : The Messianic Exegesis of the Targum*. First ed. New York: Ktav Publishing House.

Lucian of Samosata, 1905. *The Works of Lucian of Samosata*. Oxford: The Clarendon Press.

McDowell, J., 1979. *Evidence that Demands a Verdict: Life-Changing Truth for a Skeptical World*. First ed. San Bernardino: Here's Life Publisher, Inc..

Or. 4720, n.d. *Jerusalem Talmud*. s.l.:Academy of Hebrew Language.

Origen, 2010. Contra Celsum, Book II. In: H. Chadwick, ed. *Origen: Contra Celsum*. Cambridge: Cambridge University Press.

Pliny the Younger, 1900. *The Letters of the Younger Pliny*. s.l.:British Library.

PWL, 2015. *Die Pad van Waarheid tot die Lewe Afrikaanse Bybel*. 2nd ed. Pretoria: PWL.

Schechter, S., 1909. *Some Aspects of Rabbinic Theology*. New York & London: Jewish Theological Seminary of America.

Shahak, I., 1997. *Jewish History, Jewish Religion: The Weight of Three Thousand Years*. First ed. s.l.:Pluto Press.

Tacitus, C., 1925-1937. *Annals*. s.l.:Loeb Classical Library.